

## 8 HOOFSTUK AG: GESINSBEDIENING

In hoofstuk ag word aandag geskenk aan gesinsbediening omdat daar, ten spyte van baie negatiewe uitsprake oor die gesin, die hoop in God bestaan wat die gesin as 'n besondere sisteem in sy koninkryk vir geloofsbemiddeling en geloofsvorming gegee het. Die hoop word versterk deur die verblydende reaksie van ouers wat jare afwesig was en terugkeer wanneer 'n gemeente in gehoorsaamheid aan sy roeping gesinsbediening bo-aan die prioriteitslys van gemeentelike aktiwiteite plaas. Browning en andere (1997:268) getuig hieroor soos volg: *“They want practical assistance and basic norms to support their fragile equilibria. ... There is little doubt that behind much of this ‘coming home to the church’ on the part of many families lies a rational-choice survival instinct. ... Churches should have the faith that through ‘meeting the needs of families’, these families will learn to generalize to others the social capital - the love and grace - first given to them through acts of charity done in the name of Christ”.*

Omdat tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid deur middel van simbole en rituele 'n komplekse bedieningsraamwerk en netwerk is, moet dit deurlopend met bepaalde vrae benader word (vgl diagram 52: *Basiese vrae en antwoorde oor gesinsbediening*). In diagram 52 word 'n paar basiese vrae en kort antwoorde gegee oor tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid. Hierdie vrae moet in hierdie bepaalde orde gevra en beantwoord word om aan die model struktuur te gee sodat die vraag oor die *waarheen* met gesinsbediening op die eerste vraag rondom die *waarom* 'n antwoord kan gee.

Volgens Hebbard (1995:13-14) is daar 'n behoefte aan pioniers op die terrein van gesinsbediening. Gesinsbediening is 'n redelike nuwe veld, veral met die bemagtiging van tieners in die gemeenskap. Dit is 'n veeleisend taak omdat die gemeenskap, veral huidiglik in Suid-Afrika, al hoe meer 'n heterogene en multi-kulturele vorm aanneem. Modelle vir só 'n bediening is min en sal met waagmoed, geduld en geloof ontwikkel moet word. Dit moet gedoen word deur persone wat die veranderingsprosesse in die plaaslike gemeente en gemeenskap noukeurig waarneem en verstaan. Gesinne, gemeentes en gemeenskappe vra na kreatiewe antwoorde vir talle probleme waarmee geworstel word.

Omdat hierdie bediening redelik nuut is, sal sommige geestelike leiers dit aanvanklik waarskynlik skepties benader en eerder op die suksesse van die tradisionele programme bly vertrou. Dit moet 'n innoverende gemeente wees wat so 'n bediening sal aanpak. Sulke gemeentes moet ook verseker wees van foute wat gemaak kan word en om kritiek te aanvaar wat altyd gepaard gaan met die werk van pioniers. Gesinsbediening sal binne elke gemeente anders lyk en ook deur elke geestelike leier op 'n eie unieke wyse hanteer word omdat gemeenskappe en gawes van geestelike leiers van mekaar verskil.

Om met die ontwikkeling van 'n tiener- en gesinsbedieningsmodel met 'n gemeenskapsgerigtheid te kan begin, vra kennis van die tiener se psigiese, fisiese en geestelike ontwikkeling. Elke tiener moet 'n sekere weg volg om optimale groei te kan toon. Die kerk se taak is aan die een kant om die faktore wat optimale ontwikkeling stimuleer te versterk en aan die ander kant om die faktore wat groei verhinder te verminder of te verwyder.

In die samelewing waar nie veel ondersteuning vir gesinne gebied word nie moet 'n koers vir gesinne gevind, geformuleer en geïmplementeer word wat vir gesinne 'n realistiese alternatief bied en wat ouers kan ondersteun in die uitvoering van hul opvoedingstaak. Hierdie benadering moet in die lig van snelle veranderinge in die gemeenskap en gesinne beskou word en kan daarom nie 'n benadering wees wat slegs 'n tydelike antwoord vir gesinsbediening bied nie. Meyers (1997:1) is van mening dat die verstaan van gemeenskappe in die bestudering van gesinne geleë is: *“Yet, despite the great differences among families viewed cross-culturally, the very ubiquity of this social unit and the fact that it is the fundamental human collective mean that the study of the family should be an important part of any attempt to understand a particular society”*. Uit literatuurstudie is dit duidelik dat daar deur talle teoloë doelgerig nagedink word oor die herstel van die gesin as die belangrikste kleingroep of sisteem in die gemeente en samelewing (1) vir sosialisering (vgl Sell 1995:45), (2) vir die ontwikkeling van simbole (vgl Babin 1991:168), (3) as huiskerk vir die oordra van geloof (vgl Browning en andere 1997:308 asook Barton 2001:10-16) en (4) as God se belangrikste gemeenskap (Martinson en Martinson 1998:69). Daar bestaan nie net handboeke oor gesinsbediening nie, maar pogings word ook aangewend om modelle te ontwikkel vir gesinsbediening en in praktyk toe te pas en te evalueer.

Die gesin as kleinste verbondseenheid word as die beginpunt van geloofsbemiddeling aan tieners gesien en vandaar moet die geloofsbemiddeling na die res van die gemeente, gemeenskap en wêreld plaasvind. Die passie vir gesinsbediening om ander in die gemeente en gemeenskap te kan bedien, moet binne die gesinsverband saam met kinders gebore en ontwikkel word. Die ontwikkeling van 'n passie vir gesinsbediening moet met 'n mens- en Godgerigte wyse plaasvind omdat beide mens en God daarby betrokke is. Gesinsbediening is 'n hermeneuties-pneumatologiese kommunikatiewe handelingsproses. Hiermee word bedoel dat God deur middel van die gesin as belangrike verbondsisteem elke lid van die gesin deur sy Gees tot verstaan van hul verhouding met Hom en met mekaar wil lei. Dit wil Hy onder andere deur middel van simbole en rituele doen om tot geloofshandeling te kan kom. By die erediens word die gemeente as huisgesin van God gevoed om 'n gesinsbediening te ontwikkel en om saam fees te vier oor die herstel wat binne gesinne, die gemeente en samelewing plaasvind. Die belydenis om te glo in die gemeenskap van gelowiges word prakties beleef en nie net verbaal bely nie.

Geloofsvorming in gesinsverband vereis in die eerste plek 'n verbintenis en 'n wilsbesluit en nie slegs teoretiese kennis nie. Ouers het in die afgelope dekades gewoon geraak om vir die opvoeding, sosialisering en ontspanning van hul kinders hoofsaaklik op skole, kerke, die sportlui en vermaaklikheidsplekke te steun. Gesinsbediening en kinderopvoeding is 'n gemeenskapsaktiwiteit deur middel van die hulpbronne in die gemeenskap. Ouers moet geleer word om bestaande hulpbronne in die gemeenskap deel van die gesinsprogram te maak vir die maksimale ontwikkeling van kinders. 'n Nouer samewerking tussen maatskaplike werkers, sielkundiges, mediese deskundiges, opvoedkundiges en ander hulpbronne vir gesinne sal binne die model vir gesinsbediening verreken moet word. 'n Gemeente kan verskillende komponente vir gesinsbediening uit die bestaande bronne in die gemeenskap ontwikkel. Dit kan komponente soos die volgende wees: Peuter- of kleuteropvoeding, gesondheid, voeding, sosiale diens om ouers van

bestaande bronne bewus te maak, ouerbetrokkendheid om ouers se deelname aan programme te stimuleer en gemeenskapsbetrokkenheid om bestaande komponente of bronne in die opvoedingsproses te kombineer. De Vries (1994:14) verwys na die Afrikakultuur: *“The African saying puts it well, ‘It takes a village to raise a child’, and the first village for every human being is the family of origin. Therefore, our ministry must encourage and strengthen that original village with friendly, nonexploitive adults for youth to borrow in their growing up and for families to borrow, too”*. Hierdie stelling lei tot die vraag of die kerk se huidige gebroke verhouding met die samelewing weer herstel kan word sodat dit weer 'n rol in die samelewing kan speel?

Gesinsbediening is aangewese op alle hulpbronne en kragte beskikbaar om die gesin sowel as die uitgebreide gesin te bedien. Smith (1998:102) meen: *“Government can support religious institutions by providing resources and offering technical assistance to them in their delivery of services”*. 'n Nuwe waardering is nodig vir die insette wat familieleden en lidmate as deel van die uitgebreide familie in die gemeente in die opvoeding van kinders kan lewer. Smith (1998:102) met verwysing na Luk 2:21-40, meen: *“The extended family, according to the text, also plays a key role (the extended family being social and religious, not just biological)*. Heelwat insigte met betrekking tot die kerk as familie kan uit genoemde Skrifgedeelte gehaal word. 'n Jeugbediening se voortgang is nie in die eerste plek geleë in die formulering van programme nie, maar in 'n model waarin bestaande rolmodelle bewus gemaak word van hul verantwoordelikheid deur middel van die Godgegewe gawes en talente. De Vries (1994:18) meen: *“One of the secrets to a lasting ministry with teenagers is to find ways to undergird nuclear families with the rich support of the extended Christian family of the church”*.

Terwyl daar baie oor gesinsbediening nagevors en geskrywe word, is daar slegs 'n paar gesinsbedieningsmodelle wat benut kan word. Selfs die term “gesinsbediening” is nie vir almal duidelik nie. Die inhoudelike van 'n gesinsbedieningsmodel is kompleks en omvangryk. Dit vra 'n deeglike ondersoek hoe om die Christelike geloof aan gesinne te bemiddel asook die daarstelling van 'n praktiese model wat deur die maksimum gesinsvorme, benut kan word. Die ontwikkeling en instandhouding van so 'n model sal baie tyd in beslag neem, want dit sal voortdurend geëvalueer en aangepas moet word en sal nooit werklik 'n punt van voltooidheid of perfeksie bereik nie, want die veranderinge in gesinne en gemeenskappe is 'n voortdurende en toenemende proses.

Die tiener se geloofsvorming in gesinsverband vra meer aandag. Kategese, jeugaksies, eredienste en kampe moet as belangrike hulparms beskou word. Die afwesigheid van tieners na voltooiing van kategetiese onderrig en gereelde erediensbywoning vir baie jare, is een van die redes vir hierdie navorsing. Jeugaksies en -kampe in heelwat gemeentes is nie meer so effektief soos voorheen nie (vgl Bisschoff 1996:140-141). Dit het sedert 1985 'n afname begin toon. Tieners ervaar wel by kampe geestelike hoogtepunte en keer dikwels terug na 'n ouerhuis waar hierdie geestelike ervaring nie deur ouers of ander geestelike leiers voldoende opgevolg word nie. Gevolglik neem dié geestelike ervaring wat by 'n jeugkamp bereik is, na 'n tydperk weer af. Hierdie stelling word nie gemaak om alle huidige jeugbedieningsvorme in 'n negatiewe lig te stel nie, maar om die klem eerder op die verbondsgesin as die Godgegewe hermeneuties-pneumatologiese ruimte vir 'n aaneenlopende geloofsbemiddelingsproses te laat val en te ontwikkel. Die ander

forme van jeugbediening sal dienooreenkomstig aangepas moet word. Daarvoor word 'n dialogiese verhouding tussen bestaande jeugbedieninge en die verbondsgesin bepleit. Brienen (1985:15) meen dat geloofsopvoeding en kategese in die gesin moet begin (vgl Oudelaar-Bijlsma 2003:41-59 - Buurtkategese).

Dit is 'n groot uitdaging om 'n model te ontwikkel wat die huidige jeugbediening 'n nuwe momentum sal gee en nie net 'n samevoeging van ander modelle of programme sal wees nie. Hebbard (1995:147) sê: *“Do not duplicate – create!* Hebbard beveel 'n konseptuele raamwerk aan om te visualiseer wat gedoen moet word. Dit word in hoofstuk nege bespreek. Browning en andere (1997:5) vra 'n belangrike vraag om in gedagte te hou by die formulering van 'n gesinsbedieningsmodel: *“Does Christianity have a stake in the promotion of intact mother-father partnerships, or should it support all families, regardless of form, where genuine need exists? ... [I]s it the quality of family experience, rather than the form, that Christianity celebrates? ... Political parties divide, denominations split, and divisions arise between friends at dinner parties when such questions come to the fore”.*

Watter behoeftes is daar in gesinne en wat gaan in gesinsbediening die primêre rol speel om hierdie behoeftes te hanteer? Een van die uitstaande behoeftes in elke gesin, is 'n verhouding met God en met mekaar. Binne 'n samelewing wat meer multi-kultureel word, sal gesinsbediening nie net lidmaatgeoriënteerd kan wees nie, maar ook gemeenskapsgerig. Gesinsbediening sal alle vorme van gesinne moet insluit. Die gesinsbediening behels dus die opbou van gemeentegesinne om na alle gesinne in nood uit te reik. Doelwitte vir die gesin met 'n na binne- en na buite-gerigtheid sal vasgestel moet word. So 'n benadering sal verhoed dat 'n eensydige na binne gerigtheid gevolg word wat nie vir die maksimale geloofsvorming van die tiener, gemeentelike en gemeenskaps groei bevorderlik is nie. Gemeenskaps-vriendelikheid of –gerigtheid word as 'n belangrike komponent van die model gesien. As die uitbou na die gemeenskap te stadig vorder of stagneer, dan moet die oorsaak in die opbou van individuele gesinne in die gemeente gesoek word. Die op- en uitbouproses is die slagare na en van die hart van die gemeente. Opbou en uitbou werk dus komplementêrend op mekaar in. Die praktyk van die gemeente en gemeenskap bepaal die teorie en hierdie teorie moet in die praktyk toegepas word. Tussen die teorie en praktyk ontwikkel 'n spiraal wat die gesinsbedieningsproses momentum gee. Die model moet in 'n voortdurende ontwikkelende proses besig wees om in pas te bly met die veranderinge in die gemeenskap en die invloede daarvan op die gesin. Dit maak die model so interessant en binne elke gesin, gemeente en gemeenskap uniek.

'n Faktor wat in berekening gehou moet word, is dat godsdienis al hoe meer privaat beoefen word en nie noodwendig binne die tradisionele vorm van groepe soos in die afgelope dekades of in die Bybelse tyd plaasvind nie (vgl Van der Ven 1993:57-59; Dekker 2000:73-76; Clapp 2000:18; Eks 20:12; Deut 6:7 en Ef 6:4). In Suid-Afrika is daar wel tans om verskeie redes 'n geopenheid binne die staat- en besigheidsektore om die kerk toe te laat om saam na oplossings in die gemeenskap te soek. Volgens Die Kerkbode (2002:2) beoog die staatspresident, Thabo Mbeki, om in 2003 'n driedaagse bosberaad met Suid-Afrikaanse godsdienisleiers te hou: *“Die doel van die beraad is om vir godsdienisleiers en die regering geleentheid te bied om saam te*

*besin oor watter soort Suid-Afrika hulle gaag wil hê*". Dit het 28 en 29 April 2003 gerealiseer.

## 8.1 Gesinsbediening: Ou en Nuwe Testamentiese gesigspunte

Omdat die Bybel en die verbond van God as basis gebruik word om 'n model te ontwikkel, is dit nodig om die gesinslewe in die Ou en Nuwe Testamentiese tyd te ondersoek. Malina (1993a:3) verwys na Deuteronomium 21:18-21: *"Israelite traditions had some harsh lessons for the son who shamed his father (or mother)"*. Gesinsbediening en –interaksie in die Ou en Nuwe Testament steun sterk op die begrippe eer en skande. *"... all qualities revealed in children, whether positive or negative, are proverbially ascribed to their parents. For honor derives from the fact of birth"* (Malina 1993:3). Malina (1993a:3) verwys onder andere na die volgende Skrifgedeeltes as voorbeelde hiervan: Deut 23:2 - geboorte uit 'n ontoelaatbare geslagtelike gemeenskap; 2 Kon 9:22 - onrein en afgodsdienstige lewe; Eseg 16:44 - ooreenkomste van ma en dogter en Mat 11:27 - ooreenkomste van vader en seun.

### 8.1.1. 'n Definisie van die gesin

In die postmoderne tyd word dit moeiliker om die gesin te definieer aangesien die verskeidenheid van gesinsvorme drasties toegeneem het. Anderson (2001:252) beweer: *"Biblical theologians now realize that the Bible does not give us a definition of family intended for all cultures and societies"*. Meyers (1997:13) beweer: *"The units comprising the village mišpāhāh or kinship group, were the families of early Israel"*. Volgens Meyers (1997:13) is die begrip *"family household"* 'n meer bruikbare begrip vir die vroeë Israelitiese gesinne behalwe in die monargiese periode en later: *"... when domestic units were more varied in their spatial aspects and economic functions"*. Perdue (1997:177) verwys na die verskillende betekenis van die term *"mišpāhāh"*, wat gesin insluit, maar in die sin van 'n residensiële groep bestaande uit verskillende families, meer algemeen bekend as 'n familiegroep. Die Nuwe Testamentiese beskrywing van 'n gesin kan ook vir die postmoderne tyd geld, naamlik dat dit 'n huishouding is. Daar is nie noodwendig altyd 'n pa of ma in die postmoderne gesin nie, veral nie met die aanslag van die vigs-epidemie nie. Huidig is daar 'n toename in die saamwoon van verskillende persone in een huishouding. Volgens Sell (1995:74) is daar nie werklik in die Ou of Nuwe Testament 'n woord met dieselfde betekenis as gesin of familie soos dit in die moderne tyd gebruik word nie, *"...since it refers to everyone living in a house, including servants and various relatives. There is nevertheless, plenty of scriptural material for constructing a model of what the family should be"*.

### 8.1.2. God as Vader en die vaders vir God

Clark (1997:119) verwys na verskillende gedeeltes in die Bybel wat kenmerke van God se vaderskap weerspieël. Daardeur maak God die elemente van vaderskap aan aardse vaders bekend: soos omgee (1 Pet 5:7), raaksien van behoeftes (Fil 4:19), uitdeel van die goeie (Ps 112:10), waardering, versorging, betoning van respek aan kinders (Ps 95:7), om kinders te leer ken (Joh 2:25), vergifnis (Mat 26:28) en die aanleer van dissipline (Spr 3:11-12). Stoneberg (1998:72) verwys na Richard Louv se vyf dimensies van vaderskap wat met die voorafgaande Bybelgedeeltes verband hou: (1) generering van 'n inkomste, (2) versorging, (3) gemeenskapsbou, (4) om die

gesin te help om sy plek in die geskiedenis te vind en (5) om sy geestelike lewe met sy vrou en kinders te deel. Antropoloë het ook vyf funksies van vaders geïdentifiseer wat ooreenstemming toon, naamlik (1) voorsiening, (2) omgee, (3) beskerming, (4) skenking, en (5) vorming. Daar is 'n neiging om negatief oor die vaderskap te praat. Stoneberg (1998:74) meen: *“The imago of father in our society needs a reframing that is less destructive and negative. As older men hold younger men in their hearts and younger men respect older men, the imago of father will be healed and will become positive”*. Vaders kan weer vaders vir God word deur die eienskappe van God as vader in hulle lewens in te oefen, maar Hochschild (1995:227) meen die emosionele spanning in gesinne, by die werk, as gevolg van egskeiding en kapitalisme moet verminder word om vaders in hul vaderskap te ondersteun. Dit kan gedoen word deur 'n gesinsvriendelike beleid by die werksituasie en berading aan vaders. Hierdie benadering dui op die verbetering van interne en eksterne verhoudings, naamlik in die gesinslewe en in die sekulêre of beroepswêreld om spanningslading op vaders te verlig vir beter vaderskap.

### 8.1.3. Die gemeente as diensbare huishouding van God

**1. Oikos:** Vermeulen (2002:75) beweer: *“Die ‘oikos’ was ‘n kragtige sosiale én godsdienstige verskynsel van die antieke wêreld”*. Vermeulen (2002:76) meen: *“Die aktiwiteite van die tradisionele ‘oikos’ van die eerste-eeuse Mediterreense wêreld het ooglopend ooreengestem met die aktiwiteite van die vroeë kerk”*. Louw (1989:37) meen die begrip “οἶκος” lê op 'n ietwat ander vlak as die begrip “γενεα”: *“Oikos verwys na die groter familiegeheel en selfs ook na bepaalde stamme in Israel. Die term huis van Juda is hiervan ‘n voorbeeld”*. Die begrip “οἶκος” en “οἶκτα” kry in die Bybel ook 'n ruimer betekenis wanneer van die Israeliete as die mense van God gepraat word: *“Die Israelitiese gemeenskap word in ‘n sekere sin self God se huis en God se gebou”* (Louw 1989:37). Barton (2001:165) meen: *“Building communities which allow all people to attain their full humanity as children of God are central Christian concerns also. ... [T]rue community is a gift of divine grace ...”*. In 1 Tessalonisense 2:7-8 en 11-12 kom 'n aantal eienskappe voor van 'n gemeente wat as familie funksioneer, onder andere liefdevolheid, gehegtheid aan mekaar, om die evangelie met mekaar te deel, jou lewe aan hierdie familie te wy en as familie tot eer van God te lewe. Malina (1993a:71) verwys na die ooreenkomste tussen die Romeinse, Griekse en Israelitiese gesinstrukture: *“... what all these structures had in common was a gender division of labor”*. Malina (1993a:73) beweer: *Statements on the assessment of sons and daughters are not direct in the New Testament*. Die skerp onderskeiding tussen geslagte is opvallend: *“... no female birth announcements, ... God speaks with women only in a procreative context, ... the focal characters are essentially male, ... God is primarily referred to as male or in terms of male roles”* (Malina 1993:73).

**2. Inspirerende aanbidding:** Inspirerende aanbidding is feesvierende aanbidding met die klem ook op sang, musiek en dramatisering. Tieners let veral op hierdie aspekte van 'n gemeente en dit laat hulle besluit of hulle deel van die gemeente wil wees. Daar is tans spanning in gemeentes tussen die tradisionele aanbidding en die behoeftes van tieners soos kontemporêre musiek, besoekersvriendelikheid en informaliteit. Dit bly belangrik om deur die oë van die besoeker na die inkleding van die erediens te kyk. Die gemeentes wat die vinnigste groei toon, is dié wat ten minste een van hul eredienste kontemporêr inrig met 'n spesiale beklemtoning van

kontemporêre musiek (vgl Strommen & Hardel 2000:163). Die fragmentering van aanbiddingsgeleenthede deur kinders en volwassenes te skei dien geensins die gemeente as familie of huisgesin van God nie. Na aanleiding van verskillende ondersoeke oor die vorm van eredienste beweer Anderson (1998:261): *“These explorations are moving churches to think of corporate worship experiences not as adult oriented only but as church family oriented, where individual families participate creatively and meaningfully with equal regard for the contributions of parents and children of all ages”*. Aanbidding lei tot hegte familieskap – *“The family that prays together stays together”*. Dit word gereflekteer deur gebedsgroepe, gebedslyste, 'n gebedsagenda, gebedstye asook openbare gebedsgeleenthede. Gebed skep 'n vorm van vriendskap wat fundamenteel is vir 'n gemeenskap van gelowiges. Gebed bring ook 'n bewustheid na vore van God se teenwoordigheid, 'n afhanklikheid van God en wat die spesifieke nood in die samelewing is (vgl Strommen & Hardel 2000:176).

**3. 'n Denkende atmosfeer:** Die algemene uitgangspunt is dat almal op 'n dogmatiese wyse dieselfde moet dink en dus dieselfde opinies moet hê. 'n Situatie wat mense aanmoedig om saam te dink, brei onderlinge gemeenskap uit. Dit lei nie net tot wedersydse respek vir mekaar se sieninge nie, maar bevorder die ontdekking van dieper waarhede (vgl Strommen & Hardel 2000:172). Benson (1997:130-131) verwys na tien beginsels hoe om die jeug by beplanning van gemeenskapsbou in te sluit. Die eerste beginsel is moontlik die belangrikste van almal, naamlik om te begin by die gawes, talente, kennis en bekwaamhede van die jeug en nooit by hul behoeftes en probleme nie. Met die aanvang van tienskap, breek daar 'n natuurlike behoefte deur om abstrak te dink (vgl Prins 2000b:86), te eksperimenteer en 'n verskil in die samelewing te maak.

**4. Sterk kommunikatiewe identiteit:** In die evangelie volgens Johannes word treffende beelde van die Christelike gemeenskap geskilder. Barton (2001:167) beweer: *“Now it is accepted as a commonplace that one of the reasons for the distinctiveness of John is that it mirrors the experience of a predominantly Jewish Christian community radically estranged, not only from the wider society, but also from the society of the synagogue, even perhaps from the society of other Christian groups”*. Johannes bevat 'n indrukwekkende kommunikatiewe dimensie vir die omringende gemeenskap, nie net as 'n openbaring nie, maar veral in die sin van bevestiging en herbevestiging van God se volk (vgl Barton 2001:172-173). Die gemeente moet dus altyd sy eie besondere identiteit behou, nie om in afsondering van die gemeenskap te lewe nie, maar om God se genade deur Jesus Christus in die gemeenskap te kommunikeer. Die eenheid van God moet as die kommunikatiewe basis van die gemeente as gemeenskap dien. Hierdie eenheid in God moet op so 'n wyse beoefen word dat dit ander in die gemeenskap tot eenheid lei. Die een-tot-een gesprekke tussen Jesus en individue was met dié wat 'n verteenwoordigingstatus gehad het. Die tiener moet in die gesin hierdie een-tot-een gesprek tussen God en ouer beleef om self in hierdie gesprekmatige situasie gedring te word tot verteenwoordiger van God in die gemeenskap. Die Johannes-evangelie kan gebruik word om die aard van die Christengemeenskap prakties te beskryf, met die implikasie wat dit ook sosiaal vir die mens in die algemeen kan inhou (vgl Barton 2001:185). Van der Watt (2001:171) beweer: *“Die bewustheid van die familie as basiese sosiale struktuur word oral in die Evangelie aangetref, soos gesien kan word uit die gebruik van die terme soos voorvaders, vaders, broers of susters”*. Die meerderheid van verwysings in Johannes na aardse families het 'n teologiese

betekenis, naamlik kontrastering met die figuurlike hemelse familie (vgl Van der Watt 2001:175).

**5. Uit- en innodigend:** Die voorstel van 'n gemeenskapsgerigtheid in hierdie navorsing, dui op 'n uit- en innodigende kerk in die samelewing. Heitink (1999:67) meen: *“Onder kerk versta ik hier de sociale gestalte van het christelijk geloof”*. Heitink beweer nie dat die sosiale gestalte die enigste gestalte van die kerk is nie, maar dat dit ook 'n individuele gestalte het wat in individue se toewyding gestalte aanneem en dit het ook 'n publieke gestalte wat tot uitdrukking kom in 'n maatskaplike en politieke betrokkenheid rondom vraagstukke en nood van die samelewing. *“De kerk als sociale gestalte van geloof heeft haar greep op die private en publieke sector, op individuele religiositeit en op de publieke moraal, meer en meer verloren”* (vgl Heitink 1999:67). Strommen & Hardel (2000:157) maak die opmerking dat 'n gemeente ryklik geseën word waar die lidmate ander in hul huise innooi, en ook as begeleiers vir jongmense optree en 'n soort surrogaatfamilie vir eensame mense of disfunksionele gesinne word. Dit is kwaliteite wat Paulus ook veral uitgesonder het as hy aan die gemeente in Kolossense geskryf het (Kol 1:3-4). Tans is daar baie seer in heelwat gefragmenteerde gesinne. Al hoe minder jongmense ervaar 'n hegte gesinslewe en wat dit beteken om liefde te ontvang of te gee. In sulke gevalle kan die gesinne wat deel van die gesinsbedieningsnetwerk is die surrogaat- of uitgebreide familie vorm wat min ander instellings vir 'n kind of volwassene kan wees. Malina (1993a:90) beweer met verwysing na 1 Kor 9:19-23 ten opsigte van die regte en pligte van 'n apostel: *“... if one should wish to start up a group of any sort, one must look to one's in-group for recruits or one must become an in-group member of some other group or groups to find recruits”*.

**6. Ervaring van gasvrye gemeenskap:** Gemeentes waar waarneembare vriendskaps-verhoudings en 'n onderlinge verbondenheid aan Jesus Christus voorkom, het 'n groot aantrekkingskrag vir lidmate en nie-lidmate en bied 'n ideale atmosfeer vir geloofsbemiddeling en –vorming vir 'n groot persentasie van die inwoners van 'n gemeenskap. Die eenheid is geleë in die een God wat vir almal Vader is. Die twee belangrikste metafore in hierdie verband is Vader en kind. Burger (1997:130) meen: *“Tans is daar by baie mense 'n gevoel dat die beeld van die kerk as die familie of huisgesin van God in die Bybel 'n belangriker rol speel as wat tot hier toe erken is”*. *“Julle is dus nie meer ver van God af nie, nie bywoners nie, maar mede-burgers van die gelowiges en lede van die huisgesin van God”* (Ef 2:19). Die beskrywing van die term “huisgesin” verdien aandag. Dit is 'n plek van sorg, veiligheid, liefde en verantwoordelikheid (vgl Joh 13:34). Burger (1997:134) sê: *“Die Amerikaanse godsdienst-sosioloog Robert Wuthnow skryf dat die Westerse kerk van die 21ste eeu 'n plek sal moet wees wat aan mense 'n ervaring van gemeenskap ('community') bied. ... [B]loot op 'n sosiologiese vlak gesien, sê Wuthnow – sal kerke floreer wat dié behoefte verstaan en mense help om dit vir mekaar te doen”*. Die bedoeling is seker nie dat die begrip “floreer” sentraal sal staan in die huisgesin van God nie, maar lofliedere aan Hom binne sy huishouding.

'n Gasvrye atmosfeer is veral van belang vir vreemdelinge wat in die gemeente inkom, nie net vir lidmate wat van 'n ander area of gemeente kom nie, maar persone uit die onmiddellike omgewing wat graag deel van 'n kerk wil word. 'n Persoon wat vir die eerste keer in 'n bepaalde gemeente 'n erediens bywoon, sal reeds binne die eerste halfuur na aankoms by die kerkgebou weet of hy of sy welkom is. 'n Gasvrye



atmosfeer sluit onder andere selfs die afmerk van 'n parkeerarea vir besoekers. 'n Opregte vriendelike groet by die kerkdeur, die invul van persoonlike besonderhede en aanwysing van sitplekke vorm deel van 'n vriendelike atmosfeer tydens eredienste. 'n Gemeente met 'n gasvrye atmosfeer neem die belange van die kinders en hul gewes en talente in ag (vgl Strommen & Hardel 2000:159). Dit sluit egter ook die nagmaalviering vir dopelinge in. Daar kan moontlik geen groter ervaring vir kinders wees as om saam met hul ouers aan die tafel te gaan sit wat deur Jesus Christus self ingestel is nie (vgl Anderson en andere 1997:262 asook Vos 1999:9).

**7. 'n Omgee-omgewing:** 'n Gemeentelike gevoel vir familie-wees word gekweek wanneer gesinne as 'n ondersteuningsgroep byvoorbeeld na gesinne begin uitreik waar terminale siektes voorkom, wat 'n geliefde verloor het, wat die trauma van egskeding beleef, wat by dwelmverslawing en armoede betrokke is (vgl Strommen & Hardel 2000:174). Tieners kan gewoonlik vinnig 'n gemeente se atmosfeer definieer. Spanning wat deur onderlinge verdeling en magstryd veroorsaak word, dryf hulle weg, maar 'n atmosfeer van warmte, samehorigheid en lewenslustigheid trek hulle nader (vgl Prins 2000b:90-91). Alhoewel tieners ook op hul eie wil eksperimenteer en kansse wil vat, bly die verhouding tussen tieners en volwassenes belangrik, hoewel soms gespanne vanweë genoemde redes, om hulle te help om nie foute te maak nie (vgl Benson 1997:161). Hoe meer omgee-areas en aktiwiteite daar is, byvoorbeeld die gesin, kleingroepe en gemeenskapsprojekte, hoe beter is die kansse vir effektiewe geloofsvorming (vgl Strommen & Hardel 2000:169-170).

**8. Diens en uitreikbediening:** Benson (1997:149) beweer: *“We envision communities undertaking a major strategy under the umbrella of asset building that focuses on providing a cross-sector, multigenerational network of service opportunities in the community, combined with easily accessible systems through which individuals can tap into the opportunities”*. Betrokkenheid in diens en uitreik, skep 'n gevoel van familieskap. Veral as die jongmense en volwassenes saamwerk aan 'n sinvolle diens- of uitreikaksie kom die familieskap na binne en na buite in die gemeente sterk na vore. So 'n aksie het ten minste twee positiewe gevolge: (1) dit verbeter die lidmate se identifisering met die gemeente en (2) dit moedig groter geloof in beide die tiener en volwassenes aan (vgl Strommen & Hardel 2000:178-179). Die uitreikbediening laat die oë oopgaan vir potensiële familieledes in die gemeenskap buite kerkverband. As mense voel dat hulle deel is van iets groter as hulself, soos 'n sendinguitreikaksie met die oog op 'n uitgebreide familie, is hulle geneig om makliker saam te bind of te verenig binne die gemeente en gemeenskap (vgl Strommen & Hardel 2000:182). Met die oog op uitreik na arm mense is die temas en Skrifgedeeltes wat arm mense voortdurend ter sprake bring volgens Müller en Van Deventer (2001:92) se mening: *“... die herstel en vernuwing van God se gebroke beeld in die mens (Rom 8:29 ...); 'n nuwe lewe van gehoorsaamheid en verantwoordelikheid (Matt 5,6, en 7 ...); toekomsgerigte groei (Fil 3:21...); volharding en voleinding (Rom 6:12-15 ...). ... “In hierdie verband speel die gesin en familie 'n wesenlike rol.”*

#### 8.1.4. God se huishouding bokant bloedverwantskap verhef

Die behoefte aan 'n familie wat bo bloedverwantskap uitstyg, is deur Jesus Christus verkondig en uitgeleef. Baie van sy bloedfamilie het nie sy optredes gesteun nie. Johannes 7:2-5 kan as voorbeeld dien waar van sy broers nie in Hom geglo het nie. Terwyl Mat 12:46-50 weer spreek van ander lede van die samelewing wat nie bloedfamilie was nie, maar Hom gevolg het. Cahill (2000:29) met verwysing na Lukas 2:41-51 meen: *“The adolescent Jesus is depicted by Luke as acting in complete disregard for parental feelings ...”*. Jesus se optrede in die gemeenskap, reeds op 'n vroeë ouderdom, het mense aan die een kant laat besef dat Hy wel die Seun van God moet wees, maar dan het die assosiasie met sy menslikheid weer sterk deurgebreek, veral as ou manne na 'n jong seun moet luister. Jesus se uitsprake, ook oor familieskap, later in sy lewe het mense egter weer laat wonder of Hy werklik by sy verstand is en of daar nie 'n onrein gees in Hom ingevaar het nie (Mark 3:29-30). *“Even more strongly, Jesus dichotomizes discipleship and family by seeming to demand that family relations be completely repurified and abandoned”* (Cahill 2000:29). *“... Jesus' relationship to his family is portrayed primarily with a view to saying something about who Jesus was (and is) and what it means to become one of his followers”* (Barton 1998:233). Barton meen dit is 'n verrassing vir mense wat die Christendom spontaan aan gesinne met 'n sterk godsdienssin koppel om te verneem dat die evangelie volgens Markus Jesus se verhouding met sy familie deurspek met misverstande. Barton (1998:233) sê: *“... neither Jesus' mother nor his father is given any role in salvation history. ... Nor are they depicted as disciples ...”*. Cahill (2000:30) beweer met verwysing na Luk 15:11-32: *“Jesus uses familiar behavior patterns as a foil for his message about the reversal of standard social relationships”*.

Barton (1998:235) is van mening dat hierdie andersheid wat deur Jesus Christus gekom het op twee maniere verstaan moet word, naamlik (1) *“... there is the element of conflict. ... (2) the conflict focuses on the interrelated issues of identity and authority and the recognition of the same by the giving or withholding of ‘honor’ and ‘faith’*. Volgens Barton het persoonlike identiteit in die tradisionele gemeenskap nie met “wie ek is” te doen nie, maar “aan wie ek behoort”. Die mees betekenisvolle groep om iemand se identiteit in die ou tyd te definieer was die uitgebreide familie. In hierdie verband is daar ook oor Jesus vrae gevra: *“Is hy dan nie 'n timmerman, 'n seun van Maria en die broer van Jakobus, Joses, Judas en Simon nie? En is dit dan nie sy susters wat hier by ons woon nie?”* (Mark 6:3). In 'n individualistiese postmoderne wêreld geskied identiteitsvorming rondom “wie ek is” plaas. Tieners het nie meer sulke sterk affiliasies met 'n bloedfamilie vir identiteitsvorming nie. Tog is dit ook vir tieners belangrik om aan 'n bepaalde groep te behoort wat in die meeste gevalle 'n portuurgroep is waarbinne hulle identiteit gevorm word. Die andersheid van Jesus se verhouding met sy familie en die andersheid van die Christen se identiteit en identiteitsvinding moet gevind word in die mens se geskiedenis volgens die beeld van God. Die ware identiteit van die Christen is geleë in die imago Dei (vgl Gen 1:26) wat na vore kom in wedersydse liefde (vgl Browning en andere 1997:273), 'n God-self-kosmos sintese (vgl Tracy 2000:245).

'n Gesin is deel van die liefdesgemeenskap van gelowiges in die gemeente en die gemeente se sterkte of broosheid word bepaal deur wat in elke gesin gebou of gebreek word. Verhoudingsbou in gesinne is afhanklik van intieme onderlinge verhoudinge. Om 'n vader vir 'n gesin te wees, moet die verhouding met die hemelse Vader prioriteit geniet. In hierdie sin word die gesinslewe ondergeskik gestel aan die

huishouding van God. Louw (1989:38) beweer: *“Daarom absorbeer die Nuwe Testament die gesin binne die terapeutiese gemeenskap van die gemeente as God se groot huishouding en heiligdom”*. Die voortbestaan van die gesin is afhanklik van die insluiting in die huishouding van God. Jesus Christus het gesê: *“As iemand na My toe kom, kan hy nie my dissipel wees nie tensy hy afstand doen van sy eie vader en moeder en vrou en kinders, en broers en susters, ja, selfs van sy eie lewe”* (Luk 14:26). Die gesin is 'n stukkie koninkryk van God wat gekoester móét word (Mat.6:33), maar dit is 'n tydelike stukkie koninkryk en kan daarom nie bo God se huishouding of koninkryk verhef word nie (Matt 22:30).

Diagram 68: *Geloofsbemiddeling as verstaanshandeling* dui aan dat die geloofsbemiddelaar eers God se verbondsverhouding moet aanvaar en tot verstaanshandeling moet kom om God as Vader op aarde te kan verteenwoordig. Dit is die heel belangrikste stap in enige vader se lewe veral waar dit om 'n vader-seun-verhouding gaan om vaderskap aan die volgende geslag oor te dra. Die vader se kinders moet tot die besef kom dat daar 'n ewige huishouding van God is wat deur Jesus Christus se bloed verbind is en dat die gesin waarin hulle opgroei daaraan ondergeskik gestel word. *“Of course when Jesus announces that his true brothers, sisters, and mother are those who do the will of God, he surely places his honor and that of his family in question (Mark 3:31-35;...)”* (Malina 1993:3). Louw (1989:38) meen: *“Dit is binne die *communio sanctorum* dat die verbondsgesin sy eintlike karakter as God se heiligdom terugvind. Die gesin is wesenlik in die Skrif nie bloot 'n kerngesin nie, maar 'n verbondsgesin”*. God se huishouding styg bo gewone bloedverwantskap uit deur die verbondsbloed van Jesus Christus.

### 8.1.5. “Teenstrydighede” in die Bybel oor die gesin

Die voorafgaande siening van die gesin en ander benaderinge in die Bybel oor die gesin word soms verkeerd geïnterpreteer en kan daarom nadelig wees vir die onderlinge verhoudings in gesinne. Sell (1995:73) sê: *“The New Testament, then, seems to portray two contradictory views of marriage and family. In part, the reason for this is that the statements are couched in three different contexts: creation, redemption, and eternity.”* Sell (1995:73) verwys na die volgende Skrifgedeeltes wat verband hou met die gesin: (1) In Gen 1:28 word die gesin en sy funksie in die koninkryk van God aan die skepping gekoppel wat op 'n gerigtheid na buite dui. (2) Die gesin, met die klem op die huweliksverhouding en versoeking, word ook binne die konteks van die gevalle wêreld geplaas wat tot verlossing gelei moet word om funksioneel binne God se koninkryk te kan optree (vgl 1 Kor.7:1-9). (3) Spesifieke gesinslede buite die huweliksverband word ook binne die raamwerk van God se verlossing, sy koninkryk en nuwe skepping geplaas (Mat. 19:12). Die gesin se plek binne die koninkryk van God word soms vergeet as daar van die veronderstelling uitgegaan word dat die gesin bloot in kompetisie met die wêreld is en nie as verlore gesin op pad na die ewige lewe is nie. Hierdie drie plasings van die gesin en gesinslede afsonderlik binne die skepping en binne en buite die huweliksverband op weg na die ewige lewe dui op die doel en beklemtoning van 'n sinvolle geloofsbemiddeling aan alle gesinslede en nie op teenstrydighede rondom die gesin as sodanig nie. Die Bybel het dus nie die taak om die gesin as sosiologiese eenheid te beskryf nie, maar binne die heilsplan en huishouding van God te plaas met 'n geroepenheid tot diensbaarheid.

### 8.1.6. Die instellings van God vir familieskap

**1. Die huwelik:** Beide die Ou en Nuwe Testament beklemtoon die Goddelike oorsprong van die huwelik. Gen 2:24 gee 'n gronddefinisie vir die huwelik: *“Daarom sal 'n man sy vader en moeder verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle sal een word”*. Met verwysing na Gen 2:24 beweer Frymer-Kensky (1996:55): *“The family, in particular the nuclear heterosexual pair-bond, has been established as the basic unit of society.”* Die volgende hoofstukke van Genesis getuig van 'n uitgebreide patriliniêre familie waar die patriarg meer as een vrou mag hê en die broers in noue kontak met mekaar en hul vader lewe. *“In recent debates whether homosexual behavior is sinful, Genesis 2:24 has been cited as evidence that the only sexual pattern acceptable to God is heterosexual monogamous marriage”* (Bellis 1998:202). Jesus Christus verwys ook na hierdie basiese formulering van die huwelik as Hy in Mat 19:8 sê dat die huwelik nie 'n instelling van Moses se wet of van die patriargale stelsel van die tyd van Moses was nie, maar deel is van God se opdrag en skepping. Die woorde *“dit was nie van die begin af so nie”* is 'n verwysing na die huwelik as instelling van God self. *“Hy antwoord hulle: ‘Dit is oor die hardheid van julle harte dat Moses julle toegelaat het om van julle vrouens te skei, maar dit was nie van die begin af so nie.’”* Sell (1995:75) wys daarop dat: *“The basic form of family created by God is the nuclear family, which gives the highest priority to the husband-wife relationship”*.

**2. Die gesin:** Purdue (1997:175) verwys na verskeie Ou Testamentiese Skrifgedeeltes wat op familieskap dui met 'n lineêre afkoms en 'n laterale uitbreiding (Gen 7:1,7; Eks 20:8-10; Jos 7:17 en Rig 6:27). Watter vorm die gesin ook tans aanneem, dit bly 'n opdrag van God dat kinders deur 'n man en vrou opgevoed moet word: *“The Protestant ideal of the family is shaped by the fact that children want and need a mother and a father in the context of a stable two-parent family”* (Post 1998:21). Sell (1995:77) sê: *“That children were only be born to married couples is clear from the fact that sex was to be practiced within a monogamous marriage, ...”*. Dit sou nie so vreemd gewees het as die opdrag in die Ou Testamentiese tyd tog sou lui dat kinders deur die uitgebreide familie of gemeenskap opgevoed moes word nie, want die volk van God was nomadies en behuising in afsondering en met privaatheid was nie algemeen nie. Daarom was 'n saamleefstyl die mees algemene opsie. Tog was dit steeds die opdrag van God dat ouers in hierdie soort leefstyl die opvoedingswerk moet verrig. Sell (1995:77) merk op: *“That ideally children are to be raised by their parents and not by the extended family, tribe, or community seems clear by the fact that one of the ten commandments was for children to honor their parents (Ex. 20: 12). Parents were commanded to teach their children about God (Deut. 6:7) (vgl Den Dulk 1998:205, paragraaf 6.8.4). Though the word ‘parents’ is not actually used, it seems clear that the teaching is to be done at home: ...”*. (Malina en Neyrey 1996:176) In die Nuwe Testamentiese tyd beklemtoon Paulus ook die geestelike opvoeding in die ouerhuis (vgl Ef 6:4). Dit beteken dus nie dat kinders net van hulle vaders geleer het nie (vgl Spr 1:8). Al die rolspelers in die gemeenskap bly dus deel van die opvoeding- of geloofsbemiddelingsproses.

**3. Die uitgebreide familie:** In die postmoderne tyd is daar 'n losser verhouding met die uitgebreide familie as in die vorige geslagte en in die tyd van die Antieke Israel (vgl Frymer-Kensky 1996:55-56): *“The Israelite villages were composed of small*

houses, with an estimated occupancy of 4.1 - 4.3 persons per house. ...These houses were arranged in clusters comprising the compound of the patriarchal family, the beyt ab, which was the constitutive social unit of the mishpahah". Geografiese verskuiwings, afstande en emigrasie het tot 'n minder hegte uitgebreide familie gelei. Sell (1995:78) meen: *"Theologically defining extended kin relationships is a crucial issue for modern times. Many people are angry with their parents and aggravated by other relatives. They deal with extended family by ignoring them. Relatives pose annoying questions and troubled emotions"*. Sell (1995:78) verwys ook na Bybelgedeeltes oor die uitgebreide familie, soos Gen 29:14; Rig 9:2; 2 Sam 5:1; 19:13; Neh 5:5 waar uitdrukkings soos *"gebeente en vlees van my vlees"*, *"bloedfamilie"* en *"ons ... is tog één"* voorkom. Lev 18:6-18 verwys na die belangrikheid van familie deur die toelaatbare seksuele verhoudings te vermeld vir die voortbestaan van die familie.

**4. Kinders in die gesin:** Volgens Steinberg (1998:195-196) het romanse wat tot 'n huweliksluiting aanleiding gegee het eers in die negentiende eeu na vore gekom. In kontras met hierdie meer resente perspektief van die huwelik, beskryf die verhale van Gen 12-50 'n paradigma van gesinne met ouers en kinders (vgl Frymer-Kensky 1996:55-56). *"The ancient ancestor founded the primordial household, from which all others issued (Genesis 12-50)"* (Perdue 1997:179). Hierdie dinamika van die Bybelse gesin kan as bron gebruik word om die uitdagings van die gesinslewe in die postmoderne tyd aan te spreek. Steinberg (1998:197) beweer dat 'n analise van hierdie hoofstukke in Genesis tot 'n ideologie lei wat alle lede in die gesin op 'n gelyke vlak plaas, 'n etiek wat deur bepaalde waardes bepaal word en wat nie onderhandelbaar is nie. Dit is ook 'n etiek vir persoonlike verantwoordelikheid en optredes asook die omgee vir alle lede van 'n gesin.

**5. Die alternatiewe struktuur:** Carter (1998:227) sê Matteus *"... urges disciples to live an alternative household pattern based on God's merciful saving presence, marked by more egalitarian relationships, and in contrast to the dominant hierarchical and patriarchal pattern"*. Carter (1998:224-227) verwys na Mat 19 en 20 om die verskillende elemente van die huishouding aan te toon: huwelik en egskeding (Mat 19:3-12); kinders en die heersers (Mat 19:13-15); welgesteldheid en die gesin (Mat 19:16-30); die gelykenis van die huishouer (Mat 20:1-16); diensknegte en baasskap (Mat 20:17-28) en die genesing van die blinde man (Mat 20:29-34). Vir die gesin kan hierdie Skrifgedeeltes tot 'n vrugbare Bybelstudie lei oor elkeen se posisie in die gesin (vgl paragrawe 8.3.11. en 9.8 oor gesinslede se posisies in die gesin). Die alternatiewe huishoudelike struktuur bestaan uit God se heerskappy oor die dissipels. In Mat 19 en 20 kom 'n alternatiewe struktuur vir die gesin of huishouding voor. Die mees algemene veronderstelling is dat hierdie gedeelte uitsluitlik oor 'n alternatiewe gesinstruktuur handel. Die huishoudings het uit vier elemente bestaan: die drie verhoudings van (1) man en vrou, (2) vader en kinders, (3) meester en slaaf en (4) die taak van die huishouding. Die huishouding was androsentries - manlik gesentreerd. Dit was patriargaal en hiërargies omdat die man, vader en meester oor die vrou, kinders en slawe geheers het. Die vrou was verantwoordelik vir die private lewe in die huishouding.

Burger (1997:134-138) verwys na die versorging van die familie wat gekoppel word aan die nuwe gebod van liefde (Joh 13:34) wat meer beteken as formele verantwoordelikheid. Dit beteken ook aanvaarding van mekaar soos broers en

susters, ten spyte van foute en tekortkominge (Rom 15:7). Dit gaan oor 'n verbintenisse wat gemaak moet word. Die term “mekaar” versorg en liefhê dui op wedersydse verantwoordelikheid (Rom 12:10, Ef 5:21, 1 Tess 5:11 en Gal 6:2). Reid (1998:248) meen: *“Disciples find a new family within the community of believers. They attain a lasting peace (Luke 24:36) by faithfully continuing Jesus’s mission of liberation for the oppressed and the practice of forgiving love (Luke 23:34)”*. Hierdie nuwe familie moet deur die inwoners van die gemeenskap in die Christendom gevind word. Daarom moet die Christendom se sigbaarheid en relevansie in die gemeenskap binne die gesinsbedieningsmodel verreken en uitgebou word.

### 8.1.7 Verhoudings in die gesin

**1. Gesinsverhoudings as metafoer:** Olson (1998:218-220) verwys na Hosea 1 tot 3 waar gesinsverhoudings as metafore vir die verhouding tussen God en die volk van die noordelike Israel gebruik word. Olson (1998:219) vra: *“The text of Hosea 1-3 uses an ancient, time-bound, and scandalous model of family relationships as a metaphor for the relationships of God and the people of God”*. Die metafore van Hosea 1 tot 3 dra 'n manlik-gedomineerde kultuur. Olson (1998:220) maak die volgende opmerking oor die manlike metafoer van God: *“The male metaphor of God as husband is balanced by images of God feeding and caring for children in Hosea 11; such images are typically more female than male images in ancient Israel’s culture”*. Wat Barton (2001:41-44) betref, is daar basies twee hermeneutiese benaderings om na die gesin in die Nuwe Testament te kyk: (1) *“... the use of philological and historical or social-scientific analysis to show how different the contemporary family is from the world of the family in the first century. ... (2) [T]o point up a ‘tension’ in the canonical texts between those which are ‘for’ the family and those which are ‘against’ it”*. Dit noop die hermeneutikus vir 'n ernstige filologiese en historiese ondersoek. Vos (2001:140) meen: *“In die Nuwe Testament speel die familievoorstelling, veral by Johannes 'n sleutelrol. ... Die metaforiek wat op die familie gebou is, spruit uit die feit dat die familie oor die algemeen as die basiese sosiale struktuur in die antieke Mediterreense lewe beskou is”* (vgl Van der Watt 2001:157 se verwysing na die baie fisiese families in die Johannes-evangelie). Müller (1996:80) beweer: *“Die oorheersende metafoer waarmee gesinne beskryf is, naamlik sisteme, het nou plek gemaak vir 'n ander siening waarvolgens gesinne beskryf word as interpreterende gemeenskappe ...”*.

**2. Harmonie in die gesin:** In 'n spanningsvolle postmoderne gesinslewe wat soms tot ernstige wanordelikhede kan lei, kan 'n gesin heelwat baat deur bewus te word van die harmonie wat soms in die skepping heers. Pace (1998:200) maak die opmerking na aanleiding van die skeppingsverhaal in Gen 1:26-28: *“Just as God created the first human beings in a universe of order and harmony, so too should the human beings create a world of harmony for their offsprings. This harmony comes from seeing the created world under the purpose of a divine will that created it in goodness”*. Gesinsvakansies kan sinvol benut word deur mekaar uit te daag wie die meeste harmonieuse gebeurtenisse in die skepping kan raaksien. Dit kan neergeskryf word om na die vakansie nabetraging te hou of om dit later weer in herinnering te roep wanneer disharmonie in die gesin dreig om na vore te kom.

**3. Eer aan die ouers:** Eerbetoning aan ouers het ook ernstig in die gedrang gekom met die toename in gesinsverbrotelikeit. Tog is kinders geneig om ouers steeds te

eer selfs al misluk hulle ook dikwels, maar tieners wat selfs ouers vermoor, bly ontstellend. In die vroeë Christelike huis was dit veral die man wat eer moes verdien deur die lede van sy huishouding te beskerm teen die voortdurende bedreiging deur persone buite die familie (vgl Browning en ander 1997:141-142). “*Since its earliest days, Christianity has on several occasions been in tension with honor-shame cultural patterns in various parts of the Western world*” (Browning en andere 1997:143). Fretheim (1998:206) sê: “*Honoring gathers up all dealings with parents, especially respect, esteem, care, affection, and appreciation. Physical and verbal abuse issues are lifted up in Exodus 21:15, 17. No one specific behavior is commanded; rather, this is an open-ended, never-ending invitation to respond in any way that honours parents. It is notable that father and mother are equally to be honored ...*”. Fretheim verwys in dié verband na Lev 19:3: “*Elkeen van julle moet eerbied hê vir sy ma en sy pa ...*”. Dieselfde opdrag kom ook in Spr 1:8 voor: “*My seun, jy moet luister na die onderrig wat jou vader jou gee; moenie wat jou moeder jou leer, verontagsaam nie: ...*”. Respek bly steeds iets wat ook verdien moet word deur optredes.

Malina (1993a:1) meen 'n persoon se identiteit is afhanklik van om te behoort aan 'n familie en deur hulle aanvaar te word: “*... such belonging and acceptance depend on a person's adhering to the traditional rules of order by which Mediterranean families are organized and maintained. And those traditional rules of order are rooted in the complementary codes of honor and shame*”. Hierby vind Benson (1997) aansluiting in sy betoog om waardes in lewens in te bou om 'n gesonde gesin- en gemeenskapsituasie te ontwikkel. Binne so 'n ontwikkelende gemeenskap kan meer orde heers en eer vermeerder en die verleenthede verminder. Malina en Neyrey (1996) beweer: “*All societies require a degree of conformity, if only to maintain minimal social order. Cross-culturally, the prevailing, internalized sanctions include anxiety, shame, and guilt*”. (Vgl Malina 1993:3 in paragraaf 8.1 – Gesinsbediening in die Ou en Nuwe Testament)

**4. Botsende gesinswaardes:** In die postmoderne tyd kom al hoe meer botsende gesinswaardes voor omdat daar soveel beïnvloeding van gesinne uit verskillende denkrigtings of invloedsfere kom, in besonder uit die oord van die wêreld-ekonomie. Louw (2002:340) beweer: “*The global economy has become the new paradigm for characterizing culture. Economics is the new religion, which sets, ... the pace, norm, and values of humans...*”. Schweiker (2002:123) beweer: “*The ‘table of values’ in societies marked by corporate economies is focused decidedly on wealth and consumption*”. Dit skep in gesinne merkbare probleme en misverstande. Stackhouse (2000:10-11) beweer: “*... ethicists want to know, at the deeper levels of motivation and commitment, what sustains the values and norms when they are thwarted, violated, or denied by contrary forces, or when these values demand sacrifices contrary to the ordinary interests of those who hold them*”. Volgens Carlson (1998:214) dui Nabot se wingerd op sulke botsende gesinswaardes (vgl 1 Kon 21:1-16). Carlson (1998:216) stel die volgende vraag: “*In what ways might this scripture relate to our understandings of family? It might be tempting to claim that Naboth had family values while someone like Jezebel could not*”. Dit is nog steeds die neiging dat gesinne hul waardes bo dié stel met wie hulle nie so goed bevriend is nie. Isebel het familiewaardes gehad en was baie getrou daaraan. Volgens Carlson (1998:217) is dit miskien die probleem omdat Isebel familiewaardes uitsluitlik op die koninklike familie gesentreerd was: “*Both Jezebel and Naboth have family values. But the family values*

*of Naboth extend beyond the family itself to include the past and the future and, most important of all, to include God. In this story from scripture family is a penultimate value under the auspices of God's ultimate values".* Die aanleer van gemeenskaplike waardes in gesinne vorm ook 'n sentrale deel in die model vir tiener- en gesinsbediening, veral met die oog op die vermindering van konflik by tieners (vgl Benson 1997:56-58).

**5. Gesinskonflik:** In aansluiting by die vorige paragraaf, word gedagtes oor gesinskonflik genoem wat Reid (1998:246) "*Family conflict generated by Jesus' proclamation of the kingdom of God*" noem: "*There is an old adage: 'never discuss politics of religion at family gatherings.' The saying captures well the experience that religion is very often the source of the most painful conflicts within families*" (Reid 1998:246). Hierdie soort konflik kom na vore wanneer gesins- of familieledede aan verskillende denominasie of selfs 'n totaal ander geloof behoort. Dit kan ook gebeur wanneer daar kontrasterende teologiese perspektiewe binne dieselfde kerkverband ontstaan. Die evangelie van Lukas beklemtoon dat die koms van Jesus vrede bring en Jesus sê dit self (vgl Luk 7:50) en gee ook opdrag aan sy dissipels om dieselfde te doen (vgl Luk 10:5). Maar dan is daar ook die uitsprake soos in Lukas 12:51 waar Jesus ook sy koms met verdeeldheid koppel. By die geboorte van Jesus word hierdie kontrasterende stellings ook in Lukas 2:34-35 gemaak. As die vrede wat Jesus Christus bring nie deur elke gesinslid aanvaar word nie, sal daar nie onderlinge vrede wees nie, maar verdeeldheid: "*Luke 12:52-53 describes how the conflict provoked by Jesus can strike even at the heart of the family. ... Whereas a modern family would tend to resolve this situation by having the younger members move out on their own, such would not have been the case in antiquity*" (Reid 1998:247). Reid (1998:248) verwys na konflik wat in Christengesinne verwag kan word wat op verskillende maniere uitdrukking gee aan geloofsverbintenisse, verskillende interpretasies van die evangelie en beskouinge van die eise van dissipelskap.

Wolfteich (1998:181) verbind die konfliktsituasies gedurende die eerste eeu aan die huidige konflikhantering.: "*The efforts of religious groups will be most authentic and valuable when they include reflection and discussion about violence as a moral and a spiritual issue. ... Christians can reflect on violence in light of Jesus' insistence on the importance of reconciliation (for example, Matt 5:21-24), and the Beatitudes' promises to the peacemakers and to those who hunger and thirst for righteousness (Matt 5:6,9)*". Binne gesinsbediening kan die onderwerp van gesinskonflik aangepak word deur konflik in gesinne met Bybelse konfliktsituasies te verbind en deur middel van die vredesuitsprake van Jesus Christus en ander Bybelgedeeltes of Bybelverhale tot versoening of tot verhaal te kom.

## **6. Die gesin in 'n tyd van sosiale en eskatologiese krisis**

Browning en andere (1997:50-72) verwys na 'n aantal algemene sosiale krisisse in die gesin, onder andere egskeiding, buite-egtelike geboortes, armoede, afwesige vaders, lang werksure, ekonomiese en psigologiese transformasie en toon ook vier mededingende sosiaal-wetenskaplike verduidelikings vir hierdie krisis aan: (1) veranderende kulturele waardes, (2) veranderende ekonomiese patrone, (3) psigologiese oorsake soos swak sosialisering vir die gesinslewe en (4) die afname in patriargie. Osiek en Balch (1997:127) beskou Markus 13:9-13 as 'n toespraak oor die eskatologiese krisis en 'n kritiese evaluering van die gesin.



Seim (1998:242) verwys na die eskatologiese verwagting wat die eerste Christene gehad het van 'n herstelde situasie van geen lyding en waar God alleen heers. Tog was dit ook 'n visie van angs omdat die nuwe lewe moet kom en die oue moet sterf. Hierdie oorgangsfase is gesien as 'n krisistyd wat deur konflik gekenmerk is. Gesinsverhoudings is ernstig geraak omdat die normale strukture vir daaglikse ondersteuning nie langer betroubaar was nie. Die eskatologiese nabyheid word in Markus 13 bespreek. Vertroue op God alleen en die opgee van die familie mag asketies klink en het ook in sekere kringe sodanig ontwikkel, maar die beginsel is om ondersteuning en oorlewing binne die gemeenskap van gelowiges te soek. Dit is dus 'n waarskuwing om nie binne hierdie navorsing enige uitsprake te maak dat 'n nuwe model vir gesinsbediening die antwoord is nie, maar dat die gesin die pneumatologiese ruimte moet bly waarin God alleen moet heers, deur al die dale van doodskaduwees op weg na die groen weivelde heen (vgl Seim 1998:243-245).

Tracy (2000:248-254) gebruik 'n totaal ander invalshoek om die krisis rondom die eskatologie te benader. Sy vertrekpunt is die probleem wat hy het met 'n algemene publieke koninkryk as slegs tegniese rede toegelaat word en dat deelname en gemeenskap moontlik gemaak word deur hoofsaaklik feitelike moderne kommunikasie en nie deur die wysheid en tradisies soos deur die Muses geïnspireer word vir deelname en manifestasie nie. *“In theological terms, a radically eschatological, indeed apocalyptic and messianic, understanding of history is now needed to critique prophetically the temptation to totality and to free the redemptive images of our past and present”* (Tracy 2000:253). Hoe skrikwekkend die term “globalisering” met alles wat daarmee mag gepaard gaan ook mag klink, moet die oorblyfsels van simbole en rituele in die Christelike tradisie of Muse, wat miskien tans as randverskynsels beskou word, deelneem in die proses om die volmaakte en ewige eenheid van en in God te proklameer. Barton (2001:175) verwys na die eenheid van God as kommunikatiewe gronde van gemeenskap en beweer: *“Much more than the other Gospels, the Fourth Gospel places heavy emphasis on the oneness of the Father and the Son and the oneness of believers”* (vgl Joh 10:30 - *εγω και ο πατρ εν εσμεν*).

Gesinsbeskouinge in die Ou en Nuwe Testament verhelder Bybelse beginsels ten opsigte van verskeie faktore waarmee die postmoderne gesin worstel. In die eerste plek is dit belangrik om oor die postmoderne gesin as 'n huishouding te dink veral met die oog op gesinne met huishulpe, tuinhulpe en wat as drie of selfs meer geslagte op een erf, kleinhoewe of plaas saam woon. Deur te let op die mededingende gesinsmodelle, vanuit 'n globaliserende oogpunt beskou, wat slegs die ekonomiese en tegnologiese as basis gebruik en die nadelige gevolge wat dit vir huwelike en gesinne kan hê en reeds het, word die kerk gedring om opnuut die nukleêre gesin en uitgebreide gesin as instelling van God te bevestig. Dit sluit in die belangrikheid van kinders en eer aan ouers, harmonie teenoor toenemende konflik en die reflektoring van die beeld van God (*imago Dei*) in die gemeenskap. Die beklemtoning en ontwikkeling van Christelike waardes in 'n globaliserende wêreld met botsende gesinswaardes dien vermeld te word as 'n uiters belangrike komponent van gesinsbediening.

### 8.1.8. Opvoedingsituasies in die Bybel

Dingemans (1996:192) meen: *“Kerken hebben in een moderne maatschappij duidelijk een educatieve functie: ze kunnen een bijdrage leveren aan de menings- en attitudevorming van alle burgers”*. Nel (1998:23) beweer: *“Met die skepping van die gemeente skep God ‘n agogiese ruimte ...”*. Met dit in gedagte word na enkele bydraes van Den Dulk vanuit die Ou Testament asook Osiek en Balch vanuit 'n Nuwe Testamentiese perspektief gegee.

**1. Die pentateug:** Den Dulk (1998:9) begin sy teologiese betoog met die pentateug as uitgangspunt met 'n vraag oor wat alles in 'n gemeente gebeur, naamlik met betrekking tot viering en lering en *“... hoe kan ze daarmee naar voren komen in het openbare maatschappelijke debat, in de vraag naar recht, naar zorg, naar sociale zekerheid, naar communicatie en naar onderwijs?”* Den Dulk (1998:197) beweer: *“Van alle boeken van de Tora geldt dat ze onderricht willen bieden. In het laatste boek echter word het onderricht zelf expliciet tot thema gemaakt”*. Gesinsbediening impliseer in 'n groot mate onderrig, maar meer in 'n prosesmatige en sosialiserende vorm.

**2. Die essensie van pedagogiese opvoeding:** Die essensie van die pedagogiese onderrig van ouers aan hul kinders word in Deut 6:6-7 aangedui (vgl Den Dulk 1998:205 in paragraaf 6.8.4). In die eerste plek moet die inhoud van die lering die gedagtes van die ouer vul. In die tweede plek dui dit op 'n voortdurende proses van inskerping deur middel van gesprekke in alle moontlike situasies. Dit kan ook 'n sosialiserende proses genoem word. Volgens Nel (1998:153) het jeugorganisasies vanuit 'n pedagogiese benadering ontstaan waarin jongmense op vrywillige basies leiding geneem en aktief deelgeneem. Nel (1998:23) meen: *“In die teologie kan die agogiek nie anders as pneumatologies verstaan word nie. As sodanig gee die agogiese moment teologiese dryfkrag aan jeugbediening”*. 'n Pneumatologies-agogiese benadering in 'n gesinsbediening as pneumatologiese ruimte moet gedurig in die oog bly.

**3. Aspekte van die leerproses:** Vanuit hierdie konteks haal Den Dulk (1998:198 ev) belangrike aspekte van die leerproses na vore: (1) die moed om inisiatief te neem (Deut 1:1), (2) die belangrikheid om te leer, (3) die struktuur van die leerproses, (3) die situasie van die leerlinge (Deut 1:1 – 4:43), (4) die leerstof (Deut 4:44 – 30:20) en (5) die toonsetting van die leraar. Den Dulk (1998:201) beweer die doel van die leerproses is om te kan onderskei wat goed en lewensbevorderlik is en wat lewensvernietigend is.: *“Om dit doel te kunnen bereiken is het nodig om die ‘onmogelijke’ daden hartgrondig te leren vervloeken en om even hartgrondig de zegen te leren geven aan de daden, waarin de belofte van leven schuilt”*. Om die teks te benader, geld daar volgens Den Dulk (1998:206-211) vyf belangrike reëls: (1) die teks wil nie slegs as objek ondersoek word nie, maar ook as onderwysende subjek opgeneem word (vgl Vos 1996:121 – die Woord as subjektiewe waarheid), (2) die leerling word uitgenooi om self leraar te word (vgl Nel 1998:12 – *“Dit behaag Hom om ook deur kinders na mense te kom”*), (3) in die gesprek word 'n verband geweef tussen die verhaal van God en die verhaal van mense (vgl Müller 1996:97 – die verhaal as metode en 117-140 – die herstrukturering van die verledeverhaal en rekonstruksie van 'n nuwe verhaal), (4) die gesprek het estetiese strekking (vgl Vos 1996:135 *Die volheid daarvan II – estetiese distansie*) en (5) die woorde word

sigbare werklikheid (Benson 1988:9 – “*The visible manifestation ... of faith*” en Babin 1991:199 – “... *the corpus of faith that we need today will derive its form from the audiovisual system and its great potential*”).

**4. Opvoedingsituasie in die Nuwe Testament:** In Ef 6:1 en 4 asook Kol 3:20-21 word die ouer-kind-verhouding as 'n pedagogiese verhouding vertolk met 'n wedersydse verantwoordelikheid. Die pedogogiese optrede van ouers is meer 'n bemoeienis as 'n vermoeienis, alhoewel die meeste ouers dit meesal andersom ervaar. Kol 3:20 word tot kinders gerig om gehoorsaam te wees aan ouers se pedagogiese bemoeienis.

Osiek en Balch (1997:156) beweer: “*Paul is concerned about the theology and practice of relationships between Jews and Gentiles, not nearly as focused on family issues, with the result that he makes few remarks on the relationships between parents and children*”. Die meeste van Paulus se verwysings is metafories en hy gebruik paternalistiese analogie (vgl Osiek en Balch 1997:156 en 2 Kor 12:14b). Nel (1998:112) verwys na 1 Kor 10:23-11:1 en meen dat kinders begelei moet om God te volg soos hul opvoeders ook doen. In 1 Korintiërs 12:1 word na geestelike gawes verwys (pneumatika) wat Paulus in vers 4 gawes (charismata) noem. Osiek en Balch (1997:157) beweer: “*Recent scholarship has associated prophets and teachers more closely than had been done earlier. The two are discussed together not only by Paul, but also by Philo, Lucian, and Plutarch*”. Vanuit Paulus se oogpunt is beide profete en onderwysers begaaf met die Heilige Gees met die klem op die profetiese. Volgens Osiek en Balch (1997:160) word daar nie in die pre-Christelike Judaïsme na “onderwyser” verwys nie, maar word eerder die term “wyse persoon” of “skrifgeleerde” gebruik. Die evangelies egter beskrywe die persone wat in die Tora onderrig gee as “onderwysers”, byvoorbeeld in Luk 2:46 en Matt 10:24. “*Teaching is interpreting scripture in Mark 10:1; 11:17; ... scripture is read with question of lifestyle in mind*” (vgl Osiek en Balch 1997:160). Die dominante metafoer van Paulus en sy leerlinge is die van vader en seuns (2 Tim 1:13) en sy opvolgers het ook onderwysers en leiers geword (Tit 2:7) (vgl Osiek en Balch 1997:161-162). Wat die evangelie volgens Johannes betref, meen Osiek en Balch (1997:162-163) “... *no other Gospel places so much emphasis on familial language for God and Jesus*”.

Die voorafgaande verwysings vestig die aandag op vreugde of viering wat uit die proses van leer mond. Dit is 'n modellerings- en sosialiserende proses wat deel is van die daaglikse huishouding waar die gesinsverhaal met die Bybelse verhaal verbind word om tot verhaal te kan kom. Die saamvoeg van die pedagogiese en pneumatologiese realiseer Jesus Christus se onderrig (Didaskalos – byvoorbeeld in Mat 8:18 en 12:38) in elke huishouding. Vanuit hierdie opvoedingsproses moet die gemeenskap bedien word met Christelike waardes wat reeds sy eie verhaal van viering in gesinne op 'n praktiese en sigbare wyse vertel.

#### 8.1.9. Taak van die gesin

Gesinne het 'n roeping om God in hul lewens sigbaar in die gemeenskap te reflekteer waar daar 'n soeke na God of 'n mag in 'n verwarrende multikulturele en ekonomies-gedrewe wêreld is (vgl Luk 16:13). Schweiker (2000:134) beskou die uitspraak van Paulus in Romeine 12:1-2, vernuwe van denke, as 'n noodwendigheid: “... *the task of*

*the churches amid a world of mammon is to provide an 'outside' perspective to commodification and to form the moral imaginary”.*

In Lev 25 kom 'n beskrywing van die gesin in die gemeenskap voor en Gorman (1998:207) verwys soos volg daarna: *“Leviticus 25 continues the discussion of sacred and ritual times begun in Leviticus 23 .... ‘The land’ and ‘the Israelite’ are the two thematic focal points of the chapter. Two primary statements provide the context for the discussion. First, the land belongs to Yahweh, and the Israelites dwell upon it as guests (vv. 23-24). Yahweh has assigned a piece of land to each family”.* Gorman (1998:208-209) beklemtoon dat God in die aktiwiteite van sy volk, die gesin en in die individu se lewe gereflekteer moet word: *“The life of the community must reflect the life of God. At the same time, the individual exists within a specific family within the larger Israelite community. The life of the extended family also must reflect the life of God. In this way, the individual, the family, and the community become a reflection of God’s redemptive and gracious activity”.* Om God te reflekteer, is 'n wesenlike deel van geloofsbemiddeling en –vorming veral in die lewens van tieners wat God wil ervaar. Tieners het in besonder 'n skaar van gelowiges, 'n uitgebreide familie, rondom hulle nodig (vgl Heb 12:1). Indien dit nie in die bloedfamilie of gemeente gevind word nie, moet 'n portuurgroep die rol speel, wat nie altyd die beste skaar van gelowiges is nie (vgl paragraaf 9.2.3 oor die problematiek van portuurgroepe).

## **8.2. Wat onder gesinsbediening verstaan word**

Teen hierdie Bybelse agtergrond word gesinsbediening vervolgens bespreek. Gesinsbediening het te doen met die bou van verhoudinge met die verbond as uitgangspunt. Paris (2001:203) beweer: *“In virtually every culture, the family is the primary locus for moral development because it has almost exclusive control over the child’s formative period of growth and development”.* Gesinsbediening stel belang in familiesisteme en –gewoontes asook die gesinsisteme waarin sekere norme en waardes vasgelê moet word en van geslag tot geslag oorgedra moet word (vgl Marais, Simpson en Swart: 2001). Elke familie of gesin het 'n verhaal of storie om te vertel en daarby moet gesinsbediening aansluit. *“Gesinne word deur verhale gekonstitueer en nie deur objektiewe maatstawwe en definisies waarmee van buite besluit word wat 'n gesin en wat nie 'n gesin is nie”* (Müller 2002:12). Müller (1996:141-208) bespreek verskillende gespreksprosedures om agter die verhaal van die gesin en die gesinslede afsonderlik te kom om daardeur tot verhaal en herstel van kragte te kom (vgl paragraaf 9.10.3 Terapeutiese strategieë). Bons-Storm (1989:23) verwys na die mens as verhaal en neem as uitgangspunt die model van die biografie: *“De biografie als ervaren geleefd leven, als het beleefde leven, lijkt me een bruikbare basis om duidelijker te kunnen zien wat er gebeurt in een pastorale ontmoeting”* (vgl paragraaf 2.6 Die ervaringswêreld as belangrike komponent vir geloofsvorming).

Vuchinich (1999:11) definieer die oplossing van gesinsprobleme soos volg: *“Family problems are conditions that block the attainment of individual or family goals. These conditions may include behaviors, rules, expectations, attitudes, relationships, social structures, action patterns, or circumstances external to the family”.* Vuchinich (1999:11) sê na 'n lang tyd van wetenskaplike pogings om die oplossing van gesinsprobleme te isoleer, te verduidelik en te verstaan, het dit 'n veelvoudige gelaagde fenomeen aan die lig gebring wat nie maklik definieerbaar is nie. In die

sentrum van hierdie definisie staan die konsep van 'n doel. Gesinsrolle bied 'n raamwerk om die organisasie van emosies, gedagtes en gedrag van gesinslede te verstaan. Hierdie rolle sluit in regte, geleenthede, identiteite en verwagtings. Dit help om orde in die gesin te skep. 'n Doel wat gestel word, is iets wat nog nie bereik is nie en kom in verskillende vorme voor. As die bereiking van 'n oplossing vir die gesinsprobleem geblokkeer word, dan word 'n gesinsprobleem geskep. Die oplossing van gesinsprobleme het onder andere te doen met die verwydering van situasies wat die bereiking van 'n gesinsgebaseerde doel blokkeer (vgl Vuchinich 1999:11-13) waarby Hebbard (1995:6) aansluit: *“Family life ministry is ministry of the church through preventive and therapeutic efforts designed to strengthen all forms of families in the church and community”*. Voorkoming en terapie kan nie van mekaar geskei word nie. Dié twee leef saam en van mekaar. Müller (1996:100) maak van 'n model van narratiewe betrokkenheid gebruik om die gesin te help om 'n gespreksagenda, vir die gesin op te stel om aan die hand van prosedures hul eie verhaal te vertel (vgl ook Müller 2002:15 – die gesin as verhalende kultuur). *“Die uitgangspunt is dat gesinspatologie gedefinieer kan word in terme van ‘n doodgeloopte storie”* (Müller 1996:101). Die storie van die verlede wat nie met die storie van die toekoms wil verenig nie, moet oor en oor vertel of herstruktureer word totdat daar een storie ontwikkel. Dit het ten doel om die gesin tot betekenisvolle verstaan van hulself te lei en weer hoopvol op weg te wees (vgl Müller 196:102).

Om 'n werkbare definisie vir gesinsbediening te formuleer, moet daar duidelikheid oor die volgende vyf faktore vir gesinsbediening bestaan:

### 8.2.1 Die aard van die gemeente

Jesus Christus het mense met betrekking tot hul behoeftes bedien. As hulle honger was, het Hy hulle gevoed. As hulle siek was, het Hy hulle genees. As hulle 'n leier nodig gehad het, het Hy hulle gelei. Dit het Hy gedoen om die liefde van God aan mense bekend te maak en dienaarskap te openbaar. Die geaardheid en omstandighede van die gemeente en die leiers is baie belangrik. Watter soort gesinsbediening sal die gemeente en gemeenskap pas? Benson (1997:86) beweer dat die gemeente bereid moet wees om twaalf kulturele skuiwe te maak.: *“... that are essential for building the developmental infrastructure for children and adolescents”*. Omdat gesinsbediening nie net nog 'n program binne die gemeente is nie, is dit nie altyd die beste opsie vir gemeentes wat program-georiënteerd is nie. Die werk is stadig en vol probleme en selfs hartseer. Hebbard (1995:6) meen: *“Family ministry is grief work. It is the ability to walk in the pain of the human predicament and the plan of the eternal father”*. Die geestelike groei is gewis vir die gemeente wat wel daarmee besig is. Tog moet gesinsbediening nie in die eerste plek probeer om probleme op te los nie, maar om Christelike waardes aan elke lidmaat te bemiddel met die gedagte van voorkoming is beter as genesing (vgl Benson 1997:18).

### 8.2.2. Die benadering wat gevolg gaan word

Hebbard (1995:7) stel enkele vrae met betrekking tot die fokus van gesinsbediening. Die belangrikste vraag is of die fokus voorkoming of terapie gaan wees. Watter soort hulp gaan aangebied word? Gaan dit 'n bediening deur middel van berading met groepsbyeenkomste wees? Gaan programme en lesings ontwerp word om probleme af te weer of gaan dit miskien 'n kombinasie wees? Is daar 'n prioriteit en indien wel,

wat is dit? Wat sal die mees geskikte benadering in die bepaalde plaaslike gemeenskap wees? Hierdie vrae moet met informasie uit die omgewing van die gemeente, geestelike leiers en lidmate self beantwoord word.

Dit vra 'n verkenning van die lewenspan van alle persone in die samelewing om daarvolgens 'n raamwerk op te stel en vas te stel na watter behoeftes opgelet en gehanteer moet word. Dayringer (2000:xi-xii) het 'n gedig in gebedsvorm geskryf waarin God vir elke lewensfase gedank word. Dayringer (2000:xv) verwys ook na Shakespeare se beskrywing van die lewensverloop in *“As you like it Act II, scene vii”* deur elke persoon as 'n rolspeler op die wêreldverhoog te beskou. Wat egter belangrik is, is dat nie twee persone hierdie lewensfases dieselfde beleef nie (vgl Dayringer 2000:xiii). Dayringer behandel die sielkundige en teologiese persepsies van die lewensiklus. 'n Model vir tiener- en gesinsbediening moet dus waak teen veralgemenings rondom elkeen se rol binne die gesin en samelewing. Dit sal die uniekheid van elkeen se rol skaad (vgl diagram 53: *Die lewensverloop van 'n gesin* - Hebbard 1995:9 en diagram 54: *“Stages of the Family Life Cycle”* - Dayringer 2000:128). Wat die lewensverloop volgens Dayringer (2000:150) ingewikkeld maak, is dat die onderskeie gesinslede op verskillende fases van ontwikkeling is en dat elkeen met die ander moet kan saamlewe en beïnvloed: *“Families must successfully (more or less) accomplish their developmental tasks to secure individual satisfaction, gain social approval, and move on to the next stage”*. Die lewenspan bestaan uit die huwelik, geboorte van kinders, aanpassings van die middeljare en aftrede. Op hierdie lewenspan kan verskillende faktore inwerk soos siekte, dood, misdaad en natuurlike rampe. Dit sal die opstel en aanbied van programme help om gesinne deur hierdie krisisse te kan begelei. Dit sal ook die gaping tussen die gemeenskap en die kerk inkrimp. Deur lidmate en gemeenskapslede byeen te kry om saam te werk aan 'n gemeenskaplike probleem word 'n verbintenis tussen die kerk en die gemeenskap gesmee. Hierdie vorm van samewerking sal egter eers binne die gemeente self moet bestaan voordat dit in die gemeenskap sal realiseer. Browning en Reed (1998:265-266) beklemtoon die rol van ouers en lidmate van die kerk om mekaar wedersyds te bedien: *“The faith community needs to experience a paradigm shift, from seeing the ministers or priests as the primary persons supporting families to seeing the entire congregation as ministering persons with each emerging family. ... The ecclesia and the ecclesiola are not separate spheres of faith and worship”*. Hierdie besondere kultuur binne die ekklesia moet ook binne die gemeenskap ingeburger word om die gemeenskapskultuur met Christelike waardes te beïnvloed.

### **8.2.3. Gesinstipes wat in gesinsbediening ingesluit word**

Hebbard (1995:10) sê dat die model vir alle soorte gesinne voorsiening moet maak om hulle te bedien. Die konsep wat 'n gesin in wese is, moet uitgebrei word. Die samelewing is vol enkelouergesinne, geskeide ouers, enkelopende volwassenes, saamgestelde gesinne en weduwees. Elkeen is 'n gesin met eiesoortige behoeftes. 'n Gesinsbediening se effektiwiteit hang onder andere af van die mate waarin daar ook uitgereik word na persone wat nie in die tradisionele lewensiklus inpas nie en wat aanvaar dat almal opgroei, na 'n universiteit gaan, 'n werk kry, in die huwelik tree en kinders verwek. Hebbard (1995:6) sê: *“Family life ministry is ministry of the church through preventive and therapeutic efforts designed to strengthen all forms of families in the church and community”*.

Die plaaslike gemeente moet dus bereid wees om gesinne van alle vorme te bedien. *“Ministry to all kinds of families must become a higher goal of all churches. In turn, churches must become newly appreciated as a major part of what civil society offers families. Most important of all, churches should be the major carriers of countervailing narratives that balance the stories undergirding the imposed justice of states and the cost-benefit logic of markets”* (Browning en andere 1997:268). 'n Gemeente se groei kan aansienlik verbeter, kwalitatief en kwantitatief, as sinvolle aandag aan gesinskrisse geskenk word. Gemeentes krimp soms drasties en word selfs beëindig omdat daar nie aan gesinne die nodige aandag geskenk word nie.

#### **8.2.4. Die bepaling van die teikengroep**

Gesinsbediening kan as 'n bediening beskou word wat na binne en na buite gerig is. Hebbard (1995:11) sê dat 'n effektiewe na binne- en na buite-gerigtheid begin by die analise van die behoeftes en die identifisering van die bestaande bronne om hierdie behoeftes aan te spreek en die ontwerp van effektiewe programme. Die eerste stap is om die teikengroep te bepaal. As die gemeente die teikengroep is, is daar baie aanvoork wat gedoen moet word en as dit die gemeenskap is, dan moet daar na die gemeente deur die oë van die inwoners van die gemeenskap gekyk word, wat die beplanningswerk en bediening meer gekompliseerd maak. Daar kan met Hebbard verskil word oor die blote aanspreek van behoeftes of dienslewering aan mense. Die teikengroep kan ook persone wees wat betrek word vir deelname in die gemeenskap om weer tot verhaal te kom binne dienswerk. Hierdie groep beskou hulself dan nie self as hulpbehoewendes nie, maar as hulpverleners.

#### **8.2.5. Gesinsbediening is gemeentebediening**

(Vgl paragraaf 8.4 – Gesinsbediening is tienerbediening) Kan gesinsbediening in die bestaande lewensgang van die gemeente geïntegreer word? Indien wel, dan bestaan daar 'n potensiaal vir 'n dinamiese bediening. Louw (1989:198) meen: *“Die gedagte van gesinsbediening is nie bedoel om huisbesoek te vervang nie. Dit sou 'n verskraling van die pastorale bediening meebring”*. Om effektief te wees, moet gesinsbediening saam met die ander bedieninge beoefen word en selfs daardie bedieninge insluit (vgl diagram 55: *Die integrasie van bedieninge*). In hierdie navorsing word 'n bewustheid geskep van die omvang van gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid en al die dissiplines asook staat en markplein wat daarby betrokke is. Gesinsbediening moet 'n holistiese benadering hê om op die langer termyn gesinne effektief op te bou. Gesinsbediening moet gepredik word en 'n gereelde tema wees wat nie net op spesifieke Sondae ter sprake kom soos byvoorbeeld op 'n gesinsdag, moedersdag of vadersdag nie. Nel (1998:77-97) sê dat die jeugbediening 'n inklusiewe gemeentelike benadering moet hê. Die uitgangspunt in hierdie navorsing is dat tienerbediening nie sonder gesinsbediening kan voortgaan nie en daarom moet beide tiener- en gesinsbediening 'n inklusiewe benadering hê. Die tiener word in gemeentebediening deur hul ouers se betrokkenheid ingesluit. *“Youth groups and young people’s activities can be included naturally into the work. Young couples programs, nursery, senior citizens, and evangelism - all can interact with a flexible family ministry that adapts to the unique needs of each church”* (Hebbard 1995:12). Om 'n besluit te neem oor die inklusiwiteit van gemeentebedieninge in gesinsbediening, kan die volgende vrae volgens Hebbard (1995:12) van hulp wees: Hoe word bediening in die gemeente beskou? Sal

gesinsbediening inpas? Watter bedieninge sal effektief in hierdie nuwe beklemtoning geïntegreer kan word? Watter bedieninge sal met twyfelagtigheid benader word? Antwoorde op hierdie vrae kan gevind word binne die struktuur van gemeentebou. Volgens Nel (1998:63) is jeugbediening in die gemeentebediening ingebed. In hierdie navorsing word gepraat van tienerbediening as gesinsbediening en gesinsbediening as tienerbediening. Die “twee” bedieninge is met mekaar geïntegreer. Die gesin as die mees basiese sisteem vir geloofsbemiddeling moet as die hart van gemeentebediening gesien word waar voorbrand gemaak word vir alle ander bedieninge in die gemeente. Gemeentebou sluit dus tiener- en gesinsbediening by al die ander bedieninge in. Tiener- en gesinsbediening is deelwees van en deelnaam aan die opbou van die gemeente volgens die heilsplan van God (vgl Nel 1998). Tiener- en gesinsbediening het 'n geloofsgroei-doelstelling in die lewens van tieners en gesinne. Die volgende voordele vir gesins-, gemeente- en gemeenskapsbou word verder uitgespel.

### **8.3. Doel en voordele van gesinsbediening**

Die voorafgaande vyf faktore vir gesinsbediening en paragraaf 8.4 oor gesinsbediening as tienerbediening gee inhoud aan die doel en voordele van gesinsbediening. Hier word slegs enkele uitstaande opmerkings oor die voordeel van gesinsbediening gemaak. In gesinsbediening word die klem op die versterking van gesinne geplaas. Die versterking van 'n gesin word gebaseer op die verhoudings wat God ingestel het. Dit sluit in die skep van 'n positiewe atmosfeer, versorging en aanvaarding van mekaar, gesinsverryking en -ontwikkeling, ouerbegeleiding, gesinsterapie, koppeling van verskillende gesinne en kategese as geloofsbemiddeling binne die verbondsgesin. Op hierdie wyse stabiliseer gesinsbediening die gemeente en gemeenskap en laat die gemeente derhalwe groei. Baie gemeentes het vanweë 'n gefragmenteerde of geïsoleerde bediening talle gesinne in isolasie en vereensaming verval laat raak.

#### **8.3.1. Gesinslede kom tot beter insig oor die gesin**

Louw (1999:121-122) noem die volgende redes vir gesinsbediening: (1) Die verskillende posisies of houdinge wat gesinslede teenoor mekaar inneem kan beter verstaan word. (2) Gesinsbediening help lidmate om 'n geheelbeeld van die gesin te kry. (3) Huisgenote kry insig oor die kontekste en sisteme waarbinne hulle daaglik funksioneer. (4) Gesinsbediening help met die skep van 'n positiewe atmosfeer waarbinne die Christelike norme van onvoorwaardelike liefde en aanvaarding gestalte kan aanneem. (5) Gesinsbediening wil die gesin se lewenservaringe so aan die evangelie verbind dat meer sin in die lewe gevind kan word.

Die gesinslede word dus gelei om oor hulleself na te dink en gestimuleer te word om met mekaar in gesprek te tree. 'n Temperamentstoets, ekokaart of genogram kan ook gebruik word om tot self-evaluering en gesprek te kom (vgl Müller 1996:151-157 oor die grafiese verhaal van die gesin). Sell (1995:139) sê: *“A self-evaluation may also reveal to persons some strengths of which they were not aware. This may increase their confidence in what they are doing and inspire them to continue”*.



### 8.3.2. 'n Nuwe waardering vir die huisgesin van God word ontwikkel

Die algemene beeld wat oor die gesin bestaan, soos in hoofstuk vier beskryf, is negatief. Hierdie negatiewe beeld moet deur gekoördineerde en omvattende aksieprogramme teengewerk en verbeter word. Louw (1987:29) verwys na die volgende aspekte wat aandag verlang: Die gemeenskap moet bewus gemaak word van die oorsake, aard en omvang van gesinsverbrokkeling. 'n Bewustheid van die fundamentele belangrikheid van die gesin en die gesinsopvoeding moet gekweek word. 'n Onderlinge betrokkenheid van gesinne in die gemeenskap is nodig. Die kwaliteit van die huwelik, die gesinslewe en die gesinsopvoeding moet verbeter word. Doeltreffende hantering van gesins- en huweliksdisfunksies is nodig. Dit is dus 'n gemeenskapstaak en die taak van 'n uitgebreide familie om nuwe waardering vir gesinne te kweek.

Tieners het al hoe minder kontak met volwassenes om tot volwassenheid te groei. Gesinsbediening lei nie net tot 'n nuwe waardering vir die nukleêre gesin nie, maar sorg ook vir die daarstelling van 'n uitgebreide Christelike huisgesin van God en sien dus ook om na die groot verskeidenheid van gesinsamestellings. *“The body of Christ is the extended family par excellence. From the birth of the church, Christians were called ‘brothers and sisters’. Early believers understood that to be a Christian meant being involved in a new family”* (De Vries 1994:121). By The Fountain, in Boksburg, is daar sedert 2002 'n nuwe familie aan die ontwikkel wat bestaan uit verskillende rasse, werkendes, nie-werkendes, getroudes en ongetroudes, kinders wat skoolgaan en jongmense wat nie die voorreg gehad het om voldoende skoolopvoeding te ontvang nie. Hulle eet saam, doen saam Bybelstudie, ontspan saam en woon saam eredienste by en kom uit verskillende kulturele en godsdienstige agtergronde, maar hulle is besig om na mekaar toe te groei en familie te word.

### 8.3.3. Gesinsbediening bou gesonde gesinne

**1. 'n Gesonde gesin:** Biller (1993:234) beweer: *“Quality family life is the basic ingredient for the success of a society. But at the same time social factors have a ongoing influence on family functioning. Schools, churches, social service agencies, media, industry and government can in varying degrees be supportive or unsupportive with respect to the needs of parents and children”*. Müller (1996:58-59) vra die vraag hoe 'n gesonde gesin binne die konteks van die huidige postmoderne tyd lyk en probeer ook 'n antwoord gee deur te verwys na die *circumplex*-model wat deur Olson en andere (1983:71) ontwikkel is.: *“n Gesonde gesin moet balans vind tussen geskeidenheid en verbinding; tussen plooibaarheid en gestruktureerdheid. Navorsing toon (vgl De Jongh van Arkel 1989:97) dat hierdie balans in gesinsorganisasie en -struktuur 'n voorvereiste is vir die gelukkige selfstandigwording van jongmense”*. Olson en andere (1983:69-70) beweer: *“Family cohesion, adaptability, and communication are three dimensions of family behavior that emerged from a conceptual clustering of over fifty concepts developed to describe marital and family dynamics”*. Olson en andere (1983:70) meen in die *circumplex*-model kan sommige van die spesifieke konsepte of veranderlikes gebruik word om die dimensies van die gesinsamehorigheid te meet. Hierdie dimensies is emosionele verbintenis, grense, bondgenootskap, tyd, ruimte, vriende, besluitneming, belange en ontspanning. Die *circumplex*-model wil die twee konsepte van aanpasbaarheid en samehorigheid met mekaar verbind. Waar daar 'n

oorbektoneering van verbintenis is of 'n totale onbetrokkenheid kan van 'n ongesonde gesin gepraat word. Gesonde gesinne is gebalanseerd en kan by verandering aanpas. Sulke gesinne is in staat om probleme as gesin te hanteer. Gesonde gesinne het stewige kruis-geslagtelike verbindings en handhaaf duidelike grense tussen individue. Sulke gesinslede handel direk met mekaar sonder vrese en moedig die verskille aan wat wel bestaan. 'n Wedersydse aanvaarding van mekaar en respek vir ander se gevoelens is duidelike trekke van 'n gesonde gesin. Die een gesinslid weet wat hy of sy van die ander kan verwag. Sulke gesinne vind dus 'n balans tussen intimiteit en privaatheid.

Porter (1995:24) definieer gesonde gesinne soos volg: *“A good family strives to be good for two main reasons - it contributes to creating good social citizens, and it develops special relationships that are unique to families, and which are important for individual development and for well-being”*. Volgens Porter (1995:24-27) is daar eksterne en interne sosiale redes vir gesonde gesinne: (1) Daar is eksterne redes vir gesonde gesinne. Die gesinseenheid is 'n sentrale sisteem binne die gemeenskap. Sosialisering begin binne die gesinstruktuur ongeag watter gesinstipe ter sprake is. Die gesin sluit in die aanleer van taal, higiëne, basiese opvoeding, kulturele gewoontes, rituele, eetgewoontes, waardes en basiese aktiwiteite. Die gesin ontwikkel die individu se sosiale dimensies. Ongeag die aard of kwaliteit van 'n gesin, is dit die beginpunt van moraliteit. Nie alle gesinne is goeie konstruktiewe sosialisierende sisteme nie en daarom is daar so baie verwerping, onderdrukking, skuldgevoelens en vyandskap. *“Nevertheless, the family unit ideally plays a central positive role in society in providing a sense of security, a retreat, and somewhere to belong”* (Porter 1995:25). (2) Die interne redes vir 'n gesonde gesin kan aan die uniekheid van die mens gekoppel word, naamlik dat die mens tegelyk 'n individu en sosiale wese is. Individualiteit ontwikkel in verhouding met ander. Mense is nie geïsoleerde wesens nie. Mense kan slegs hulself wees in verhouding met ander. Porter (1995:25-26) beweer: *“Just as our understanding of ourselves depends in part on our genetic heritage, sex, race, and personality, we also are defined in part by our social heritage, ethnicity, cultural background, and social relationships”*. Die individuele en sosiale faktore is dus ineen geweef. Binne die konteks van die gesin word posisies ingeneem as vader, moeder, seun, dogter, oom, grootouer, ensovoorts. Binne hierdie konteks word indentiteit en individualiteit gevorm.

**2. Die rol van verhoudings in gesinsgesondheid:** Strahan (1994:20) beweer: *“Both connectedness to and separation from the family have been seen as vital aspects of family relationships that facilitate adolescent development ...”*. Teen die agtergrond van die probleemstelling van hierdie navorsing, hoe die postmoderne gesin lyk en bevinding rondom interne en eksterne redes vir 'n gesonde gesin, moet daar in die gesinsbedieningsmodel spesiale aandag aan onderlinge verhoudings in die gesin gegee word. Gemeenskapsprojekte begin gewoonlik met 'n groep persone wat vir mekaar vreemd is en deur saam na oplossings te soek, vind daar spoedig hegte onderlinge verbintenisse plaas wat nuwe lewegewende momente in die gemeenskap skep en tot 'n beter gesondheidstoestand lei (vgl The Fountain in paragraaf 8.3.2).

Dit klink goed om alle probleme deur verhoudingsbou op te los, maar dit kan ook net in teorie bestaan. Om dit te verhoed, moet verhoudingsbou 'n sterk praktiese komponent bevat. Dit vereis sekere faktore wat verhoudings sal bou. Peters

(1996:viii) is van mening: *“What will need to be lifted up in the near future, however, is the call to a committed and loving relationship between parents and children”*. Lamb (1995:153) verwys na navorsing oor 'n tydperk van veertig jaar met betrekking tot die invloed van vaders op kinders se ontwikkeling: *“Children who have secure, supportive, reciprocal, and sensitive relationships with their parents are much more likely to be well-adjusted psychologically than individuals whose relationships with their parents ... are less satisfying”*.

Gesinslede moet gelei word om 'n verbintenis met mekaar aan te gaan. Gesinne kan voorberei word om by 'n erediens voor God en die gemeente met mekaar sulke verbintnisse af te lê. By so 'n geleentheid kan die besondere waarde van nuwe waardering van gesinslede en hul onderlinge verhoudings en verbondsverhouding beklemtoon word. Strommen en Hardel (2000:37-71) sê geloof word deur persoonlike en betroubare verhoudings gevorm en dit vereis noue gesinsbande. Tieners wat reeds 'n geloofsverbintenis aangegaan het, toon volgens Strommen en Hardel (2000:18) bepaalde karaktereenskappe wat van geestelik gesonde verhoudings getuig (vgl diagram 69: *Die verlangde uitkoms met die nuwe paradigma vir geloofsbemiddeling*). Gesonde verhoudings in gesinne kan op vier maniere ontwikkel en versterk word en elkeen dra by tot vorming by tieners wat reeds geloofsverbintenis aangegaan het:

\* **Ouerlike harmonie:** Ouerlike harmonie is van die sterkste faktore om verhoudings in gesinne te bou. Die teendeel is ook waar. Strommen en Hardel (2000:37) sê: *“Of all the factors contributing to family disunity, marital discord is the strongest; it is at least twenty times more powerful a predictor of family disunity than is divorce”*. Ouers is die persone wat die leiding moet gee by die skep van die atmosfeer in die gesin. Hulle gevoelens vir mekaar bepaal die atmosfeer in die gesin. 'n Atmosfeer van liefde, vertroue en sekuriteit moet deur ouers geskep word wat die behoeftes van tieners aanspreek. Strommen en Hardel (2000:37) sê: *“Acock en Demo find a direct relationship between children’s well-being and parents’ marital adjustment .... Parental harmony is far more important than family structure in contributing to children’s adjustment, self-esteem, and various measures of psychological well-being”* Peterson en andere (2000:83-90) verwys na verskillende teorieë, rolle en kenmerke van die geslagte, soos om spesifieke verwagtings van bepaalde geslagte te koester wat nie in die praktyk kan realiseer nie, veral soos deur feministe gekritiseer. Dit kan die harmonie tussen ouers en gevolglik tussen ouers en kinders ernstig versteur. Ondersteuningsgroepe soos 'n kleingroep in die gemeente is 'n oord vir ouers om 'n gesonde atmosfeer in die gesin en tussen gesinne te ontwikkel.

\* **Effektiewe kommunikasie:** Hoofstuk ses word aan kommunikasie gewy omdat dit een van die belangrikste faktore is wat binne die gesin aandag moet geniet om onderlinge verhoudings te bou. *“When open communication lacks between husband and wife, it usually lacks between parent and child. Though easiest to establish when children are small, it becomes increasingly difficult to establish as the children move into early adolescence; usually after fifth grade, boys and girls begin to lose interest in communicating with their parents”* (Strommen en Hardel 2000:47). 'n Studie wat in 1960 onder 8,000 vroeë adolessente gedoen is, toon hierdie afname in kommunikasie met ouers. 'n Studie wat 32 jaar later in 1992 gedoen is, toon 'n ander weergawe (Strommen en Hardel 2000:48). Tieners is gevra wie hulle sal nader wanneer hulle iemand dringend vir hulp soek. Hulle sal eerstens 'n ouer of voog

nader, daarna 'n vriend van dieselfde ouderdom, 'n volwasse vriend (nie 'n verwante), 'n priester, dominee of rabbi en laastens 'n onderwyser, skoolsielkundige of niemand. Die antwoord wat Strommen en Hardel (2000:53-54) dus vir die bevordering van goeie kommunikasie gee, is om so vroeg as moontlik daaraan in die gesin aandag te skenk. Om effektiewe kommunikasie te bevorder, vereis aanmoediging om gevoelens tot uitdrukking te bring, om na die ander persoon se perspektief te luister en om hoopvol te luister.

\* **Ouerlike dissipline en kontrole:** Strahan (1994:25) beweer: *“A significant aspect of parent-child relationships is the issue of control. An essential component of the adolescent task is the renegotiation of the parent-child relationship”*. Preto (1999:282) meen: *“What also happens as parents and adolescents try to redefine relationships is that parents often experience a resurfacing of emotions related to unresolved issues with their own parents”*. Dissipline het 'n algemene probleem in baie huishoudings en skole geword. Dissipline is 'n noodsaaklike vereiste om nie net die emosionele klimaat van 'n gesin te skep nie, maar ook die kind se persoonlikheid, karakter en reaksie op die Bybel. Strommen en Hardel (2000:58) verwys na Diana Baumrind se lewenslange navorsing wat drie maniere aandui hoe ouers dissipline kan toepas: (1) Die meer algemene benadering is outokraties van aard. Strommen en Hardel (2000:58) sê dat *“Search Institute”* bevind dat vier duisend uit die tien duisend en meer ouers wat nagevors is, gebruik die outokratiese metode met 'n houding dat kinders nie toegelaat word om die reëls wat bestaan te bevraagteken nie. Strommen en Hardel (2000:59) verwys na Bradley Strahan, 'n Australiese sielkundige wat beweer dat wanneer kinders hul tienerjare bereik, moet hulle tot die besef kom dat hulle in 'n nuwe verhouding met hul ouers tree. Hoe ouers op hierdie verandering in verhouding reageer, bepaal of die tiener in afhanklikheid van sy ouers sal voortleef aldan nie. (2) Permissiewe benadering kan as die teenoorgestelde pool van outokratiese dissiplinerings gesien word. *“Permissive parents see themselves as a resource to be used as children wish - not as the people responsible for shaping their children’s future behavior”* (Strommen en Hardel 2000:60). Hierdie benadering kan netsoos die outokratiese benadering negatiewe gevolge in verhoudingsbou hê. Strommen en Hardel (2000:60) sê: *“Children raised by permissive parents are less likely to go out of their way to help people and less likely to live by the moral standards of their parents”*. Hierdie tieners is geneig om betrokke te raak by hedonistiese gedrag soos die gebruik en misbruik van alkohol, dwelms en seks (vgl Strommen en Hardel 2000:60). (3) Volgens Strommen & Hardel (2000:60) het 'n demokratiese benadering meer positiewe gevolge by verhoudingsbou: *“Democratic parents value both independence and disciplined conformity in their children”*. Tieners wat demokraties opgevoed word, toon positiewe eienskappe soos diensvaardigheid, omgee vir mense, voel nie uitgesluit nie en gaan sterk godsdienstige verbintnisse aan.

\* **Ouerlike versorging:** Strahan (1994:20) sê: *“Attachment theory was developed by John Bowlby and others who suggest that inherent in each individual is an attachment behavioral system that is active from the cradle to the grave ... An understanding of the attachment system explains how children and parents form bonds with each other”*. Ouerlike versorging is 'n sterk bydraende faktor tot gesonde gesinsverhoudings. Strommen & Hardel (2000:62) stel dit soos volg: *“This involves parental acts and attitudes of love that enhance and nurture the well-being of children and result in positive emotional bonds or relationships between parents and children”*.

Navorsing toon dat kinders gedurig besig is om ouers se kom en gaan te monitor. As ouers naby is, voel hulle veilig en as hulle uit die oog is, voel hulle onseker. Om dit gedurig in aanmerking te neem, dra by tot 'n positiewe ouer-kind-verbintenis. 'n Omgee-omgewing is dus noodsaaklik vir 'n hegte gesin. Dit het direk te make met geestelike groei. Hoe meer omgee-omgewings tieners het hoe groter is die kans om geestelik volwasse te word. Met omgee-omgewings word byvoorbeeld 'n huis, skool en kerk bedoel. Strommen & Hardel (2000:66) sê: *“As important it is that caring lay adults work with the youth of a congregation, it is even more important that parents reflect three facets of Christian parenting: communication, caring, and commitment to faith-building”*. Dit is belangrik dat ouers die basiese insig sal hê hoe om na hulle kinders te luister, hoe om 'n gesprek te kan voer en hoe om nie-verbale kommunikasie te interpreteer. Wat die gesinslewe se invloed op die tiener se geestelike ontwikkeling betref, beweer Strahan (1994:28): *“Although the literature is not as prolific in this area, there is still a substantial body of research that suggests that the family does have an important impact on the nature of adolescent religious belief and practice”*. Strommen & Hardel (2000:70-71) verskaf ook 'n self-evalueringsvraelys wat deur die leiers in die gemeente voltooi kan word om te bepaal in watter mate hulle wel bydra tot die versterking van gesinsverhoudings.

Die primêre sosiale verhouding waarin elke mens staan, is die verhouding met sy ouers. Hierdie verhouding word deurgaans in die Bybel en deur verskillende wetenskappe reeds vir eeue beklemtoon. Die kwaliteit van hierdie verhouding bepaal in 'n hoë mate die mens se unieke ontwikkeling. Die wyse hoe tieners sosialiseer en ook in hul latere lewe sal sosialiseer, het reeds in hul vroeë kinderjare begin vorm aanneem. Dit is dus aanvaarbaar dat die wyse hoe tieners sosiale krisis sal hanteer in die gesin gekweek word waarin hulle opgroei. Die ruimte wat die gesin vir tieners bied om te leer hoe om krisis te hanteer, word deur die ouers bepaal. Die gesin as veilige ruimte om te leer sosialiseer, is ook dié plek vir die tiener om homself te kan ontdek. Dit is noodsaaklik om binne die groter lewensruimte, die makrosisteem, gesonde sosiale verhoudings te ontwikkel. Die tiener kan dus binne die gesin in sy mikrosisteem homself veilig terugtrek om die sosiale ervaring binne die makrosisteem te oorweeg. Die hegtheid van die tiener se bande met die ouers en wedersydse vertroue lei tot 'n sterker innerlike oortuiging hoe om nuwe verhoudings buite die gesinsverband te sluit. Davies (1991:16) is van mening dat: *“The widely held notion that young people reject the influence of their parents at about age twelve is not supported by longitudinal studies or current major adolescent research. Instead, many teens continue to seek out their parents for counsel, not only through the junior-high years, but also in senior high”* (vgl ook Strommen en Hardel 2000:48).

#### **8.3.4. Gesinsbediening bekamp negatiewe invloede**

Louw (1987:34-35) meen dat daar veral twee gesindhede is wat ouers teenoor vreemde invloede openbaar: (1) stilswye waar daar nooit met die kinders oor die invloede gepraat word nie en (2) openhartige onpartydighed waar ouers direk met hulle kinders oor alle aangeleenthede betreffende invloede praat. Die gesinsituasie moet die kind die geleentheid bied om saam met ouers die onderskeie vreemde invloede te bespreek en te interpreteer.

Wanverhoudings in gesinne het direk te make met die samestelling en funksionering en wanfunksionering van die samelewing. Daar is dus 'n voortdurende wisselwerking

tussen gesinne en die samelewing - goed of sleg. Die grense van die samelewing is deur kommunikatiewe tegnologie en media aansienlik uitgebrei. Dit beteken dat die wêreld kommunikasiegewys kleiner en meer toeganklik vir inligting geword het. Dit vergroot die blootstelling aan negatiewe invloede. Gesinsbediening bied metodes aan wat die gesin help met interaksie om die stroom invloede te kan hanteer en om positief te bly. Sell (1995:139) sê: *“An affirmation exercise, which prompts family members to say something positive to one another, may help a family become healthier”*.

### 8.3.5 Gesinsbediening bied geleentheid vir geloofservaring

Geloof moet in lewens van die gesinslede ervaar word. *“In een situatie van ‘gekerstende samenleving’ wordt het geloof van de enkelingen sterk gedragen en overgedragen door het godsdienstig (gezins)milieu”* (Bulckens 1994:106). Bulckens (1994:114-115) definieer geloofservaring soos volg: *“Een (christelijke) geloofservaring ... is een besef van Gods gratis ingrijpen, een ‘genade’-ervaring, waarbij een gelovige intuïtief gewaarwordt in relatie, in contact te staan met God en daarbij intense gevoelens van verwondering, vrees (vgl. De vrees des Heren) en bewondering beleeft”*. Gesinsbediening en –godsdien help kinders om saam te glo en geloof saam uit te leef en nie net verbaal te bely nie. Hierdie saam glo, moet van kleinsaf beoefen word, veral in die eerste ses jaar. Om saam te kan dink, te doen en ook te glo vra tyd en opofferings. Geloofsbemiddeling in die postmoderne tyd is 'n multidissiplinêre proses. Ouers ontvang deur gesinsbediening 'n basiese raamwerk vir geloofsbemiddeling en word ingetrek in projekte en programme om as gesinne ook saam geloof te beoefen. Geloofsopvoeding is ook 'n sosialiseringproses en kan nie werklik op 'n monologiese, verbale en formele vlak met veel vrug beoefen word nie. Gesinsbediening bied 'n geloofsbemiddeling- en geloofsvormingsnetwerk wat uit vele komponente, verhoudings en handeling bestaan. Dit kan as 'n multidimensionele geloofsbemiddelingsproses beskou word. Dit gaan nie net oor 'n beklemtoning van die visuele en rituele nie, maar om 'n gebalanseerde en genuanseerde gebruik van al die Godgegewe elemente vir geloofsbemiddeling en –vorming.

Gesinsbediening herstel die sisteem, tuiste of ruimte waarin geloofsbemiddeling by uitnemendheid kan plaasvind. Hierdie sisteem bestaan uit verskillende kontekste soos die gemeenskap, skool, portuurgroep, ouers en kerk. Burger (Ongepubliseerde dokument: 5) sê dat ons beste kans om kinders tot geloof te help: *“... is om hulle te laat opgroei binne 'n geloofsgemeenskap waar die kwaliteit van Christelike lewe werklik positief en oortuigend is ... ons kinders sal glo as daar sterk omringende geloofsgemeenskappe is waarin die Christelike geloof met integriteit, oortuiging en entoesiasme geleef word”*. Volgens Burger (1991:123) is dade die hart van die kerk se bestaan en identiteit: *“Geloof in Christus word gevestig en versterk nie net deur 'n intellektuele verstaan en instemming nie, maar deur selfverloënde dade van diens en liefde aan God, die naaste en hele wêreld”*. Burger (1991:123) is van mening: *“Daar is 'n groeiende oortuiging by kerke van verskillende konfessionele oortuigings dat, indien die kerk getrou wil wees aan Christus, hy meer as in die verlede homself as 'n diensgemeenskap sal moet verstaan”*. De Vries (1994:32) maak 'n soortgelyke opmerking: *“Because faith maturity develops as young people are engaged in their faith, churches can work to provide all their teenagers with ministries of their own. ... Churches should not be afraid to step back from some of the sacred structures of*

*Sunday school and youth group in order to develop a ministry to teenagers that is clearly designed to build long-term faith maturity”.*

Babin (1991:161-163) verwys met versigtigheid na enkele simboliese ervarings omdat nie alle simboliese ervarings na die koninkryk van God lei nie. Hy verwys na die ervaring van natuurkragte wat soms oorweldigend en intens kan wees, maar dit dra soms ook op 'n indringende wyse tot die vorming van geloof by, byvoorbeeld soos in die lewe van Moses in die woestyn en op die Sinaiberg. Daar is talle sulke voorbeelde in die Suid-Afrikaanse geskiedenis en die moderne lewe wat mense tot aanbidding en daadwerklike geloofsvorming gelei het, soos droogtes, epidemies en vloede. Ander ervarings waarna Babin verwys, is diens aan die armes of gemeenskappe met baie bejaardes, die verantwoordelikheid van die mens teenoor die skepping en die universum van klank wat musiek en sang insluit. Babin (1991:162) meen: *“Of all human experiences, love is the most ambiguous, but it is certainly the most important as a vehicle of faith. The problem in the experience of love is that of its depth. All people love, but how and how far do they love”*. Babin (1991:163) is ook van mening dat dit hoogs onwaarskynlik is dat liefde in 'n situasie van gemak werklik 'n godsdienstige dimensie sal hê, eerder in 'n situasie van verantwoordelikheid en gebed.

As daar een duidelike roepstem in gemeentes en gemeenskappe is wat gehoor moet word, is dit die van herstel. God het die verhouding van die mens met Hom deur die volmaakte offer van sy Seun, Jesus Christus, herstel. Dit impliseer herstel of genesing van verhouding in die eerste plek in gesinne en dit lei tot die gesondheidstoestand in die gemeenskap. In die voorafgaande bydraes gaan dit in 'n hoë mate oor verhoudings wat heroorweeg en herstel moet word. In 'n model vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid is die kernsaak om die boodskap van versoening te bemiddel. Die gesinslede en lede van die gemeenskap moet tot harmonie gelei word volgens die heilsplan van God. Dit vra kommunikatiewe handeling en 'n sigbare gehoorsame liggaam van God in hierdie wêreld. Die primêre verhouding van die Christen met God en die helende uitwerking daarvan moet visueel deur lewens van mense, beelddraers van God, in 'n globaliserende wêreld gebeeldsend word.

### **8.3.6. Gesinsbediening bevorder inklusiwiteit**

As tieners van die gemeente vervreemd raak, moet die rede by die inklusiewe aard van 'n gemeente se bediening gesoek word. Nel (1998:19) stel dit soos volg: *“Kinders en jongmense is onvervreembaar deel van die gemeente. Hulle is, soos enige ander lidmaat, deel van die gemeente en as sodanig gemeenteverantwoordelikheid”*. Nel (1998:77-97) volg 'n inklusiewe gemeentelike benadering wat hoofsaaklik oor 'n jeugbediening aan, met en deur die jeug handel. Tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid vind binne verskillende sisteme plaas waarvan die gesin die belangrikste sisteem is. Die ander sisteme is te vinde binne die gemeente en gemeenskap. Nel (2001:5) beklemtoon die wyse hoe God mense benader: *“A fundamental question of theology is How does God approach us? Theology’s answer is God approaches people and his creation in many ways - by means of his Spirit and of his Word, but also by means of other people”*. Nel (2001:6) verwys na ag modi hoe God na mense kom, naamlik: leitourgia, paraklese, didache, kubernitiek, koinonia, diakonia, marturia en kerugma (vgl ook Nel:1998:83-85).

Hierdeur word die gesin en gemeente opgebou. Die ag modi moet die eienskap van 'n jeug-, gesin- en gemeenskapsgerigtheid hê om God se koms na alle mense te laat realiseer. Nel (1998:85) verwys na so 'n bedieningsnetwerk of -strategie as 'n *“verweefdheid en gedifferensieerdheid”* wat gehandhaaf moet word. Nel (1998:96) definieer jeugbediening derhalwe soos volg: *“Jeugbediening is 'n omvattende gemeentelike bediening waar God, deur alle vorme van die bediening en met besondere inagneming van die ouers (of hulle plaasvervangers), op 'n gedifferensieerd-toegespitste wyse na die jeug (as wesenlik deel van die gemeente) en ook deur die gemeenteyeug na die wêreld kom”*.

De Vries (1994:130) het nie 'n probleem met die perspektief van 'n inklusiewe jeugbediening nie, maar hy bevraagteken die wyse hoe hierdie inklusiwiteit sal plaasvind: *“I would be so bold as to say that this kind of incorporation never happens unless adults intentionally plan for it”*. Volwassenes se betrokkenheid word ook deur Senter (1992:177) se navorsing beklemtoon: *“A survey of the history of youth ministry shows that the evangelization of high school students, if left to peers, will never get done. Adults have consistently had to structure situations, train student evangelists, and hold the young people accountable to do the job”*.

Om 'n standhoudende inklusiewe tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid te ontwikkel vereis dus die insluiting van ouers en ander volwasse leiers in die gemeenskap om die inhoud van die geloofsbemiddelingsverhaal oor te dra. Inklusiwiteit is die teenvoeter van isolasie en fragmentasie in 'n individualisties-postmoderne wêreld. Uit my eie ondervinding met tieners, is daar altyd 'n gewilligheid om eerder uit te reik na ander as om in 'n klassituasie te sit en luister na wat gedoen moet word. Die paradigmaskuif van praat na proses in die gemeenskap is van kardinale belang. Volwassenes moet die inisiatief aan die dag lê om tieners onder 'n wakende oog in die middestad af te laai om gesprekke met honger siele te begin voer. Dit lei tot 'n nuwe tinteling in die are van hierdie jongmense.

### **8.3.7 Gesinsbediening as geestelike versorging**

Hebbard (1995:15) sê gesinsbediening is 'n natuurlike manier om twee van die gemeente se hoofbedieninge in een gemaklike bediening te integreer. 'n Behoeftigegebaseerde bediening sluit gewoonlik in aandag aan die sosiale, emosionele en fisiese behoeftes van mense en die hantering van die geestelike toestand van die gesin. Sell (1995:17) verwys na gesinsbediening as die sisteem waar Christen-ouers toegerus word vir hul ouerskap deur dit self ook te beoefen. Ouers het die verantwoordelikheid om hul kinders te evangeliseer. Evangeliste en sendelinge se grootste uitdaging is om aan mense die evangelie te bemiddel wat seergekry het. Daar is amper geen ander sisteem op aarde waarin daar meer seer is as in huisgesinne nie. Sell (1995:17) verwys na Joseph Parker wat gesê het dat as jy vir die noodlydendes preek, sal jy nooit 'n krimpemde gemeente hê nie.

Hebbard (1995:15) verwys na die gemeente as 'n plek vir vergifnis, begrip en belydenis: *“People must be put into natural contexts where deeper levels of communication can take place”*. Volgens Hebbard (1995:16) toon statistiek aan dat ten tye van krisis, sal mense eerstens na die predikant vir hulp gaan. Die gemeente word die laboratorium vir die ongeskoolde kurrikulum van die lewe.



Volgens Hebbard (1995:15) moet die gemeenskap kan sê: *“This church cares about folks!”* Die meeste buite-kerklike mense in die samelewing dink dat kerkmense net vir hulself omgee. Sterk gesinseenhede is die draers van die Christelike moraliteit en hulp na die gemeenskap om die ongekerstendes anders te laat dink. *“The church that neglects family matters ignores moral matters. ... Helping married people with their sex lives, emotional adjustment, and communication patterns braces them morally and spiritually”* (Sell 1995:16). Hebbard (1995:15) is van mening dat: *“Family ministry will thrust the reality of the world we now live in through every classroom and pulpit.”* Daarvoor is eenvoudige en eerbare kommunisering van komtemporêre onderwerpe nodig. Heitink (1993:101) verwys na die Reformasie wat 'n breë oriëntasie op die gebied van kerkreg, liturgie, verkondiging, kategeese, pastoraat en gemeentebou vra. Martin Bucer (1991) lê nadruk op die gemeente as liggaam van Christus waarbinne die gemeenskap van die Woord, die sakramente en die tug tot sy reg moet kom. Daartoe werk die Here deur sy troue dienaars sodat sy Ryk kan uitbrei. Bucer (1991:62-64) onderskryf vyf take binne sielsorg: (1) Wat en hoeveel take die werk van die sielsorg het wat in Eseg 34:16 saamgevat word: (2) Wie die verlore skape is. (3) Wie die verdwaalde skape is. (4) Wie die gewonde en gebroke skape is. (5) Wie die siek skape is. Bons-Storm (1989:59) meen: *“We worden uitgenodigd om de metafoor van Jezus als herder eens tot ons te laten doordringen, te exploreren waar deze ons brengt, hoe deze ons denken en handelen zou kunnen veranderen”*.

Met 'n gemeenskapsgerigtheid gebaseer op 'n eenvoudige en duidelike kommunikasievaardigheid, kan 'n nuwe bewustheid van die relevansie van die Woord van God en die kerk as sy liggaam en kudde ontwikkel word met Jesus Christus as Herder. Die kerk het nou die geleentheid en die uitnodiging van roepende stemme om weer in die samelewing sigbaar te word. Met 'n konstruktiewe opbou van tieners en hul gesinne as pneumatologiese sisteme binne die gemeenskap, waar hulle elke dag beweeg, het die impak waarna elke tiener en gesin ten diepste soek. Uit die navorsing wat gedoen is, is daar geen rede om die teendeel te dink nie, naamlik dat mense oor die algemeen onwillig is om in God se koninkryk te werk nie. 'n Praktijkgerigte aanslag in geloofsbemiddeling met die invul en aanvul van simbole en rituele wink om benut te word. God se beeldraers, die Christendom, moet gelei word om beeldsenders van God te word. Dit kan in 'n erediens net ten dele gerealiseer word. In 'n erediens moet dit gepredik word, in gesinne moet dit geoefen word en in die gemeenskap moet dit geleef word.

### **8.3.8. Gesinsbediening ontwikkel geestelike leiers en gawes**

Volgens Hebbard (1995:15) begin gesinsbediening met effektiewe leierskap. Almal baat daarby as die leiers gewillig is om dienaars te wees. *“If a church is to consider itself a discipling church family ministry cannot be regarded as a mere option”* (Sell 1995:17). By die aanvang van gesinsbediening moet die bestaande leiers dus deeglik ingelig word oor die wese van gesinsbediening. Wat die gewone lidmate betref, wil gesinsbediening volgens Hebbard (1995:16) lidmate betrokke maak wie se gawes soms onopgemerk in die gemeente nagelaat word. Na hierdie lidmate word ook as die vergete ampte van die kerk verwys (vgl Heitink 1993:190). In gesinsbediening sal sekere persone soos die eiendomsagent, die bemerkings-spesialis en die liedjieskrywer nou vir die eerste keer vind dat sy gawe gebruik word. Maar sou dit bloot om talente en nie om gawes van God aan mense gaan nie, val die

hele idee van benutting van gawes deur die mat. Talente en gawes moet binne die Christelike lewe komplimenterend wees. Deur talente en gawes moet God gevind word. *“De gave van de Geest is de uitnodiging om niet te proberen God in onze werkelijkheid binnen te halen, maar om Hem daar te vinden”* (Dingemans 1996:102).

### 8.3.9. Gesinsbediening wortel in die verbondsmatige

In die verbondstrategie is daar 'n geheime werking van God aan die gang wat meer sigbaarheid in die gemeente en gemeenskap vra soos deur God gewil. Omdat daar in die kerk 'n toenemende neiging van isolering van gesinne en gemeentes is, moet die verbondstrategie om gelowiges in verbondenheid te laat funksioneer weer ernstig in die praktiese teologie besin word. Clark (1997:24) beweer: *“The modern church has been described as an octopus without a brain, a collection of arms acting independently with no central processing unit coordinating their actions”*. Amper te veel jare het verby gegaan dat 'n geïntegreerde verbondsbediening nie die nodige aandag gekry het nie. Die gemeente raak al hoe meer gefragmenteerd deur middel van verskillende bedieninge soos 'n kleuterkerk, kinderkerk of kinderdienste, kategeese in verskillende grade, verskillende indelinge vir jeugaksies, kinderkampe, ouerkampe, ensovoorts. God het sy verbondsoopdrag aan sy volk gegee om in verbondenheid te lewe. Gesinsbediening wil in gehoorsaamheid aan die verbondsoopdrag van God 'n duidelike uitklaring gee dat jeugbediening of -ontwikkeling binne gesinsverband 'n primêre tuiste het. Tiener- en gesinsbediening wortel dus binne die verbondsmatige (vgl Nel 1998:14-17). Die verbondsmatige moet egter nie net gebruik word as 'n eis van verantwoordelikheid aan gesinslede en egliede nie, *“... sonder dat die genade van 'n verbondsbetrokke God wat ook in daardie gesin deelnemer is, werklik na vore kom”* (Müller 1996:49).

### 8.3.10. Gesinsbediening smee verbintenisse in die gemeenskap

'n Tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid se krag lê in verhoudings en verbintenisse soos sosiale, goddelike, persoonlike, gemeenskapsgerigte asook ouer- en kinderverbintenisse:

**1. Sosiale verbintenis:** Nel (1998:186) beweer: *“Waar die geheel ontbreek, kan die spesialisasie maar ‘perfek’ wees, maar op die lang termyn ly die kind se sosialisering met die geloofsgemeenskap skade”*. 'n Christelike sosiale verbintenis kan nie op 'n programmatiese wyse bereik word nie, maar alleen deur persoonlike kontak met God en medegelowiges. Benson (1997:109) maak die volgende opmerking oor verbintenis ten opsigte van sosiale verandering: *“Social change takes time. The status quo has become deeply entrenched and is reinforced by decades of attitudes, values, and behaviors .... ... Becoming an asset-building community ... requires a commitment to stay with the change process over the long haul”*. Hierdie verbintenis is een van die moeilikste verbintenisse in 'n voortdurende veranderende wêreld en die gevaar van 'n sterk promosie van multikulturalisme wat tot opsplitsing van gemeenskappe kan lei (vgl Robertson 200:62).

Sell (1995:80-81) beklemtoon weer sosiale sanksie vir die huwelik. Wanneer persone net saamwoon sonder 'n publieke deklarasie is dit nóg Bybels nóg sosiaal aanvaarbaar (vgl Gen 2:24). Al is 'n intieme verhouding tussen slegs twee persone ter sprake, kan die gemeenskap nie daarvan uitgesluit word nie. Die instellings van

God, soos die gesin, asook godsdiensrituele vra nie net sosiale betrokkenheid nie, maar smee verbintenisse met veel dieper betekenis as wanneer twee persone slegs 'n verbintenis aangaan: *“And the legal sanctions in the Old Testament make it clear that marriage is regulated by society for the couple’s and society’s sake”* (Sell 1995:82). Die gemeenskap is nog steeds by die huweliksluiting in die postmoderne tyd teenwoordig, maar kan meer deel van die kerklike ritueel gemaak word, veral waar die belofte van trou voor God en die gemeente gemaak word deur almal teenwoordig te vra om dit met “amen” of “laat dit so wees” te beaam.

**2. Goddelike verbintenis:** Deur die seremonies of rituele wat aan die gemeenskap bekend is, kan die gemeenskap van God se verbintenis met die ganse mensdom bewus gemaak word en die onderlinge verbondenheid binne die gemeenskap versterk word, al is verskillende kerke ter sprake. Die gemeenskap kan weer in sy gebrokenheid geleer word om voor God te staan om 'n verbintenis met Hom en met mekaar aan te gaan omdat dit 'n Godgegewe moontlikheid is wat nie deur menslike aksies vernietig kan word nie. *“Indeed, when we are drawn into a relationship with God and into the human associations that God intends for us, we find these capacities revitalized”* (Stackhouse 2000:14).

**3. Persoonlike verbintenis:** Gesinsbediening fokus op verhoudingsbou, onderlinge verbondenheid tussen man en vrou en hul verbondenheid met God, hul kinders en die gemeenskap. Gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid maak die gemeenskap bewus van die elemente, simbole en rituele wat mense onderling en innerlik op 'n persoonlike vlak verbind. Die gemeenskap word sodoende van die Verbondsgod bewus om met 'n innige verbondenheid met mekaar saam te leef. Sell (1995:82) is van mening: *“All of these components of commitment - social, divine, personal combine to support couples staying together through the rough spots of their relationship”*. In dieselfde sin kan aanvaar word dat sosiale, goddelike en persoonlike verbintenisse ook die lede van 'n gemeenskap kan saambind en verstewig as 'n teenvoeter vir allerlei bedreigings. Hebbard (1995:196) beweer: *“Effective outreach does not begin with actions or methods. It is a heart question”*. Gesinsbediening en gemeenskapsbediening is 'n verhoudingsmatige bediening, want die basis vir hierdie bediening is die verbond van God. Benson (1997:92-93) meen dat die kerk 'n paradigmaskuif nodig het van programme na verhoudings om werklik aandag aan persoonlike verbintenisse te kan skenk.

**4. Gemeenskapsgerigte verbintenis:** God se verbondsliefde strek verder as 'n huwelikspaar of lidmate van 'n bepaalde gemeente. God se verbondsliefde word in Johannes 3:16 tot die hele wêreld gerig. Volgens Sell (1995:82): *“The apostle Paul profoundly blends together the marriage themes of oneness and love in Ephesians 5 where he compares the union of Christ and the church to the relationship of husband and wife”*. Die Verbondsgod se liefde moet die gemeenskap deur middel van verbondsgesinne bereik. Die hele rituele spel by die huweliksluiting met 'n gemeenskapsbetrokkenheid moet teen die dekor van liefde in die samelewing afspeel. Die huweliksbevestiging speel Efes 5:31-32 asook Gen 1:27 as ondertone in. Die gesinne en gemeente moet gemeenskapgerig wees omdat God deur Jesus Christus sy gemeenskapsgerigtheid openbaar het. God se liefde is allesomvattend en almal-insluitend.

Hebbard (1995:196-197) meen gemeenskapsgerigte gesinsbediening sal van gemeentes en die leiers vereis om weg te beweeg van 'n na binne-gerigtheid. Hebbard stel tien vrae vir so 'n gerigtheid na buite wat neerkom op 'n persoonlike ingesteldheid ten opsigte van uitreik na ander in die gemeenskap, byvoorbeeld of ek gewillig is om na ander te luister. Benson (1997:86-99) verwys ten opsigte van 'n waarde-basis vir kinders en adolessente na twaalf kultuurskuiwe wat in gemeentes moet plaasvind om 'n gesamentlike visie en verbintenis in die gemeenskap te kan laat realiseer, byvoorbeeld 'n skuif van selfbelang na medeverantwoordelikheid.

### **5. Ouer-kind-verbintenis:**

\* **Ouers se verbintenis met kinders:** Sell (1995:88) sê: *“A parent’s love, like God’s, is to be characterized by mercy, acceptance, and forgiveness. ... Whenever parental obligations are spelled out, they mostly deal with disciplining and teaching the children ...”*. Sell verwys na Tit 2:4 as die enigste Bybelvers wat ouers se liefde vir hul kinders beklemtoon en dat dit aan die vroue gerig word. Joodse geleerdes het ook oor die afwesigheid van so 'n gebod gewonder en sluit liefde van ouers aan kinders derhalwe in by Levitikus 19:18 wat handel oor naasteliefde. Daar is egter Skrifgedeeltes wat liefde van ouers vir hul kinders veronderstel soos Spr 13:24 en Ps 27:10. Ander uitsprake oor liefde van ouers vir kinders kan gevind word in die liefde van God as Vader vir sy kinders, byvoorbeeld Luk 6:36 en Mat 5:43 tot 48. Sell (1995:88) meen: *“Parental love should be loyal, and steadfast, like God’s love, who loves even his evil children. The parents’ commitment to their children is grounded in God the Father just as the commitment of husband and wife is based on God the lover”*. Benson (1997:181) meen dat ouers in hul verbintenis met hul kinders 'n belangrike rol te speel het om waardes te bou en moet daarom 'n ondersteuningsraamwerk hê om dit ten uitvoer te kan bring. Met verwysing na ouers as primêre bemiddelaars beweer Nel (1998:109): *“Deur ouers heen word kinders van gelowiges ingelyf in die weg van Jahve met sy mense”*.

\* **Kinders se verbintenis met ouers:** Volgens Sell (1995:89) word kinders se verbintenis met ouers in terme van respek gedefinieer: *“So serious is this that it is one of the Ten Commandments”*. Sell haal Eksodus 20:12 aan: *“Eer jou vader en jou moeder ...”* en verwys na ander Skrifgedeeltes wat oor gehoorsaamheid aan ouers handel asook om na ouers se onderrig te luister, byvoorbeeld Efes 6:1 en Kol 3:20. Sell verwys ook na Paulus se uitspraak oor versorging van gesinslede en familielede, in besonder die weduwees, in 1 Tim 5:3 tot 16. Hierdie onderlinge verbintenisse snoer 'n nukleêre gesin as eenheid saam. Kinders moet dus van kleins af geleer word om deel te wees van die versorgingsnetwerk in die gesin, gemeente en gemeenskap. Nel (1998:96) formuleer jeugbediening in hierdie verband as *“... die bemiddeling van die koms van God deur sy Woord en die diens van mense, deur alle modi van bediening, op 'n gedifferensieerd-toegespitste wyse aan, met en deur die jeug as 'n integrale deel van die gemeente”*. Volgens Louw (1989:91) het die affektiewe funksie van die gesin ten doel om 'n gevoel te skep van *“... ek-behoort-aan en ek-word-waardeer-vir-wie-ek-is .... Dit geld vir die man-vrouverhouding, sowel as die ouer-kind- en die broer-susterverhouding”*. Dit help die tiener om 'n gesonde selfbeeld te bou.

Daar is geen ander uitweg in die gesin, gemeente, gemeenskap en die res van die wêreld behalwe om in 'n deelnemende hoedanigheid met 'n gedeelde visie besig te wees om Christelike waardes in kinders se lewens te ontwikkel om in die vinnig

veranderende wêreld steeds op die weg van Jahve te kan bly nie. Die opbou van gesonde gesinne begin by waarde-insette by kinders deur ouers as primêre geloofsbemiddelaars en omdat dit nie 'n doel in sigself moet bly nie word dit uitgewentel na die gemeenskap deur gebruik te maak van bronne in die gemeenskap of om nuwe inisiatiewe daar te stel. By die kind moet dus die bewustheid gekweek word dat hy of sy medeverantwoordelik is vir die geestelike en psigo-sosiale gesondheid van die gemeenskap. Hierdie gemeenskapsgerigte benadering is gerig op die sintese tussen God, mens en komos. Dit vra 'n verbintenis in die eerste plek met God en sy Woord as die waarheid en dan met gesinsgenote, geloofsgenote en ook met hulle wat nog nie tot die waarheid van versoening deur Jesus Christus gekom het nie. In hierdie verbintensisse word die rol van die gelowige in hierdie wêreld duideliker.

### 8.3.11. Gesinsbediening stimuleer rolvervulling in die gesin

'n Gesinslid se rol word volgens take en aktiwiteite beskryf wat deur die bepaalde rol uitgevoer moet word. In die samelewing is daar bepaalde norme of gedragsvoorskrifte wat in bepaalde rolle verwag word. Dit geld ook vir gesinsrolle soos in die volgende Skrifgedeeltes voorkom ten opsigte van die vrou – Ef 5:22-23; die man en vader - Ef 5:25 en Ef 6:4 en die kinders – Ef 6:1-2 en Pred 12:1.

Volgens Louw (1999:127-129) fokus gesinsbediening op gesinslede se posisies wat hulle binne die gesin inneem en word deur die volgende faktore beïnvloed: Houding word deur 'n groep se emosies bepaal. Persepsies van mekaar bepaal die optrede teenoor mekaar. Rolverwagtings van mekaar bepaal die karakter van interaksieprosesse en style van kommunikasie. Behoeftes aan erkenning, waardering en aanvaarding bepaal die onderlinge interaksie. Familietradisies speel wel nog 'n rol in gesinsinteraksieprosesse. 'n Gesindheid soos haat en liefde bepaal die gesinsdinamika. Waardes en norme bepaal sekere gebruike, gewoontes en tradisies. Gedragsreaksies word bepaal deur wat gesinslede vir mekaar sê en saam doen. Opvoedingsstyle geskied gewoonlik in teenoorgestelde pare - dominerend teenoor permissief en begrip teenoor kritiek. Gesinstrukture wissel na gelang van die fases waarin die gesin verkeer byvoorbeeld peuter, kleuter, puberteit, ensovoorts. Lewensbeskouinge van gesinne oor die lewe word beïnvloed deur die bepaalde kultuur waarin hulle hulself bevind. Louw (1999:129) beweer: *“Geloofsoortuigings van gesinslede speel 'n groot rol in die kommunikasie van geloofswaarhede. Gesinslede se siening en verstaan van God bepaal direk of indirek die interaksieprosesse binne die gesin. Byvoorbeeld, die siening van God as Regter gaan 'n meer streng en disiplinêre houding van afstand tot gevolg hê, terwyl die siening van God as Vriend 'n meer ontspanne en gemoedelike houding van betrokkenheid tot gevolg het”*.

Die aanwesigheid van waardes in gesinne oefen 'n sterk invloed uit op die hele gesin se persepsie van mekaar, van God en die toekoms. Die stimulering van rolverwagtings deur gesinsbediening kan in 'n hoë mate toegeskryf word aan die mate van waardevorming in die daaglikse lewe van die gesin. Benson (1997:177) beweer: *“Nurturing strong, asset-building families needs to be a high priority in communities committed to children and adolescents”*. Benson (1997:251-252) tabuleer dertig waardes van *Search Institute*, met 'n kort definisie van elk wat neerkom op ondersteuning deur ouers en skole, grense wat gestel word in

gesinsverband en in portuurgroepe, tydsbesteding, verbintenis aan opvoeding, positiewe waardes soos hulp aan ander en sosiale mededinging byvoorbeeld om in geloof met 'n positiewe toekomsverwagting te leef. Strommen en Hardel (2000:233) dui die resultate aan wat by 254, 464 leerders van graad ses tot twaalf bevind is ten opsigte van die toepassing van genoemde derdtig waardes aldan nie. Waar die waardes op 'n maksimale wyse by kinders tuisgebring word, daal byvoorbeeld die dwelmgebruik basies tot nul. Dieselfde geld ook vir die voorkoms van geweld en skoolprobleme.

Binne 'n gesonder gesin- en gemeenskapsituasie is mense meer gestimuleerd om hul rolle te vervul. Die begin van so 'n gesonder situasie is geleë in ondersteuning en dit is weer afhanklik van die opvoeding van beide ouer en kind om tot verstaan van hulself en mekaar te kom. Dit maak van die gesin 'n belangrike agogiese ruimte. Nel (1998:21) meen: *“Binne die huisgesin word God en sy handeling op die mees natuurlike maniere aan huisgenote geïnterpreteer”*. God werk binne die gesinsverhoudings genesend en sluit ook gemeenskapsbronne daarby in. Nel (1998:22) beweer: *“Verhoudings is die wagwoord in verstaan en die gesin is van hierdie verhoudings die mees natuurlike vorm. God is inderdaad die God van verhoudings...”*. Müller (1996:14) beweer: *“Ware verstaan met die oog op die soeke na sin kan na my mening alleen vanuit 'n ekosistemiese perspektief bevorder word”*. Wat tieners betref, moet sosiale rolle derhalwe duidelik gedefinieer en selfs herdefinieer word. Gesien in die lig van 'n ekonomies dominante gemeenskap moet die plek en rol van die gesin en familie volgens Nel (1998:37) verander van een wat ekonomies en psigies afhanklik is na een van relatiewe onafhanklikheid. Kennis moet ingesamel word om in die konteks van 'n postmoderne gemeenskap te kan meeding en ook te kan meewerk. 'n Persoonlike sisteem van waardes is vir hierdie mededinging en medewerking uiters noodsaaklik.

Die wedersydse verwagting van ouers en kinders moet veral aandag geniet. Die gemeenskapsgerigte geloofsvorming van tieners in die verbondsgesin deur middel van simbole en rituele vra 'n wedersydse verantwoordelikheid. Imber-Black (1999:202-213) bespreek die skep van betekenisvolle rituele vir die gesinsiklus en die hantering van wedersydse verwagtings: *“Relying on symbols, metaphors, and actions, which may have multiple meanings, life cycle rituals function to reduce anxiety about change”* (Imber-Black 1996:202). Gefragmenteerde en geïsoleerde gesinne is 'n teken van 'n ongesonde en gespanne situasie en werk nadelig in op rolverwagtings omdat daar nie sterk onderlinge bande bestaan nie. Gesinsrolle word veral in die huidige samelewing dramaties verander waar die ekonomie en tegnologie 'n dominante rol speel. Ten spyte van hierdie negatiewe faktore meen Müller (2002:111) *“Te midde van onvolmaaktheid en sonde sit die Christengesin as'tware bakens neer om te vertel van hulle gerigtheid op die toekoms”*. Shriver (2000:167) beweer: *“Christianity has contributions to make to this hopeful future”*. Dit sê Shriver in die lig van onsekerheid oor wat die kerk werklik besig is om te doen met betrekking tot globale vrede (vgl Shriver 2000:168-172).

Uit wat reeds bespreek is, is dit duidelik dat tiener-, gesin-, gemeente- en gemeenskapsbediening in vennootskap met mekaar tot 'n beter bedeling in al dié genoemde sisteme, wat ook as mikro-, meso- en makrosisteme beskou word, kan lei. Tienerbediening moet derhalwe ten minste in gesinsverband gesien word alvorens daar van meso- en makro-bedieninge gepraat kan word.

#### 8.4. Gesinsbediening is tienerbediening

(Vgl diagram 56: *Vrae oor geloofsbemiddeling aan tieners*). Aan die hand van enkele basiese vrae oor geloofsbemiddeling word in hierdie navorsing 'n poging aangewend om praktiese antwoorde te gee wat aantoon dat geloofsbemiddeling aan tieners gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid verlang. Let op na die interaksie tussen hierdie vrae wat daarop dui dat dit nie onafhanklik van mekaar gehanteer kan word nie. Die vrae het ook 'n sikliese verloop wat daarop neerkom dat daar 'n voortdurende wisselwerking tussen praktyk en teorie sal plaasvind met die nodige aanpassings indien nodig met betrekking tot elke vraag. Die neiging in die moderne tyd is nog steeds om die praktyk deur die teorie te domineer: “...with epistemological and hermeneutical models laying the foundation for practical theology” (Anderson 2001:16). Die probleem met hierdie benadering is dat die praktyk slegs deur teorie by die waarheid kan uitkom. Die moderne beskouing is dat teorie bo die werklikheid staan en nie die denke van die individu in die gemeenskap of praktyk altyd verreken nie (vgl Anderson 2001:17). Hierdie eenrigtingverkeer van informasie, as waarheid, verstaan en interpretasie van die werklikheid sluit nie noodwendig die tiener in in die proses van tot verstaan kom nie en derhalwe word teorieë en teologieë deur tieners skepties benader en in 'n hoë mate verwerp (vgl paragraaf 8.4.3 - Behoeftes aan sinvolheid).

Die Kerkbode (2002:vi) verwys na C.H. Thesnaar, dosent in jeugwerk aan die Hugenote Kollege, wat meen dat geen jeugbediening sonder gesinsbediening moontlik is nie. Hy meen 'n hernude fokus is op jongmense en kinders in Suid-Afrika in die vroeë sewentigs van die vorige eeu deur middel van programme, aksies, kampe, feeste, materiaal en strukture gerig, maar met 'n terugskoue is dit duidelik dat dit los van die hoofstroom-gemeentelike bedieninge wat op volwassenes gefokus was, gestaan het. 'n Teologie vir jeugbediening as gesinsbediening is dus nodig. Fields (1998:252) pleit soos volg daarvoor: “*I pray that some courageous churches in the twenty-first century will give us new models for youth and family ministry. I challenge you to begin integrating your youth ministry, the church, and the family in a more effective manner. I believe the biggest change will be in attitude rather than in direction or program components*”.

Nel (1982:74) voer aan dat: “... hoewel jeuevangelisasie 'n gemeentelike bediening en 'n gesinsbediening is, is dit allerweë gewens om die Christenjeug te gebruik om hulle mede (vervreemde) jeug te bereik”. Raubenheimer (1997:33) waarsku: “*The programmatic approach of the church's youth ministry is in danger of contributing to increased pressure upon the family system. Youth ministry without a clearly formulated family ministry will be increasingly ineffective. Covenant ministry should be nothing else but comprehensive family ministry*”. Die omvattendheid van hierdie verbondsbediening word aansienlik uitgebrei wanneer dit gemeenskapgerig raak. Verbondsbediening moet as 'n liefdesbediening gesien word, want God het uit liefde 'n verbond met die mens aangegaan en daardeur die mens in 'n liefdesverhouding ingetrek wat in diens, diakonia, uitgeleef moet word. Nel (1998:92) meen dat die mens sy roepingsvervulling in diens vind. Die Christen in verbondheid met God staan in 'n dienende verhouding met die wêreld as verteenwoordiger en beeldraer van God se liefde deur Jesus Christus vir almal op aarde (vgl Joh 3:16). Burger (1991:143) beweer egter: “*Wanneer eenheid nog nie 'n realiteit is in die lewe van die*

*geloofsgemeenskap nie, het daardie mense nog nie regtig begin om mekaar te dien in die liefde en gesindheid van Christus nie. Dit geld van eenheid binne 'n spesifieke gemeente, maar ook van die eenheid tussen kerke in die breë; en dit raak selfs die verhouding van die kerk teenoor die omringende samelewing".* Waar daar 'n sterk neiging in gemeentes is om voortdurend programme uit te werk om 'n doel in diens te bereik, sal daar meer op verhoudings in gesinne gelet moet word wat ook in die res van die gemeente en gemeenskap betekenis het.

Nel (1998:77-97) lewer 'n sinvolle bydrae oor 'n inklusiewe jeugbediening, dit is 'n jeugbediening aan, met en deur die jeug. In dieselfde lig word in hierdie navorsing 'n model ontwikkel vir 'n tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid aan, met en deur die gesinslede self. Die tiener sal slegs gewillig wees om tot geloofshandeling te kom as daar 'n geleentheid en ruimte binne die verskillende gemeentebedieninge geskep word wat 'n daadwerklike verskil in die samelewing maak. Die belangrikste ruimte of sisteem vir geloofshandeling is die verbondsgesin. Tieners is belangrike boustene binne die gesin en gemeente. Hulle het baie energie en is baie kreatief veral as simboliek en rituele of geloofshandeling ter sprake is. Stone (1981) beklemtoon ook die inklusiewe benadering soos volg: *"For years now, youth ministry has been departmentalized and in some cases just was not included as a part of the congregation"*.

#### **8.4.1. Teologiese besinning oor tienerbediening** (Vgl paragraaf 2.7 - 'n Teologie vir tiener- en gesinsbediening)

\* **'n Radikale verandering in die jeugparadigma:** Nel (1998:9) meen: *"Een van die grootste gebreke in jeugbediening as sodanig is meermale die afwesigheid van goeie teologiese grondslae. ... Die teologie en die samelewing roep wêreldwyd reeds vir meer as 'n eeu om 'n radikale verandering in hierdie paradigma."* In hierdie navorsing word die radikale paradigma gesien in die lig van die herwinning van die Bybelse paradigma binne 'n radikaal anderse konteks van die plaaslike gemeenskap. Alhoewel al hoe meer stemme opgaan dat godsdiens 'n private saak geword het, kan die beoefening van praktiese teologie nie as private saak beskou word nie. Die gesinslede vind nie in 'n sosiale vakuum plaas nie. Borgman (1997:xiii) beweer: *"It is always, in some sense, a community effort arising from and influenced by particular cultural and religious needs"*. Die duidelike proklamerende stem van die kerk is al hoe stiller gemaak soos die stem van die ekonomie en tegnologie luider begin klink het. Binne hierdie onseker situasie soek tieners en hul ouers na deernis en nie optogte met slagspreuke en 'n luide teologiese gebulder nie. Teologie moet as 'n verhaal beskou word wat vir mekaar vertel word vanuit 'n Bybelse, maar ook 'n eietydse konteks (vgl Borgman 1997:xiii en xviii en Müller 1996:111 ev).

\* **'n Bybelse koersaanduiding vir jeugbediening:** Die Bybel het nie 'n klinkklare teologie vir jeugbediening nie, maar dui soos reeds bespreek duidelike elemente aan wat God binne die gesin van ouer en kind verwag. In Eksodus 12:1-28, die instelling van die paasmaaltyd, dui op die gesin as 'n unieke hermeneutiese ruimte en so-ook Deuteronomium 6 wat van geloofsopvoeding in die gesin spreek (vgl Nel 1998:20). Daar moet begrip bestaan hoe moeilik dit vir tieners is om in 'n globaliserende wêreld tot 'n eie ideniteit te kom en hoe krities verhoudings vir hulle is omdat globalisering 'n element van massafikasie en relativering het waarin 'n eie identiteit van minder waarde kan word. Robertson (2000:59) beweer: *"This alignment of the global and the*



*local does not, however, eliminate the proposition that traditional, local cultures and religions are under siege*". Daarom moet sterk oorweging geskenk word aan 'n geloofsbemiddeling wat eerder Christosentries is as Bibliosentries of teosentries (vgl Borgman 1997:xiv).

Tienerbediening het nie in die eerste plek te doen met die perfektheid van programme of jeugleiers nie, maar met 'n soewereine God wat ongeag die mens se onvolmaaktheid en foute sy wil laat geskied. Hy verlang dus 'n sentrale posisie in die jeugbediening. De Vries (1994:162-163) meen: *"As we think theologically about the process of helping teenagers move toward mature Christian adulthood, we must begin with God's central role. We begin with a confession that all of our methods, all of our programs, all of our systems are not enough to lead a young person to genuine repentance and faith"*. Borgman (1997:xiv) beweer dat teologie 'n menslike aktiwiteit is wat God se wonderwerke in die wêreld reflekteer met die wete dat God misterieus vir die mens sal bly. Tog kan die praktiese teoloog nie sy werk anders doen as om deur God daartoe geïnspireer te word nie.

\* **Jeugbediening geen substituut vir ouers:** De Vries (1994:167) pleit dat: *"The youth minister and the youth program must never be seen as substitutes for the parents' and the church members' fulfilling their own commitments"*. Die gesin is die belangrikste hermeneutiese en agogiese ruimte vir die tiener (vgl Nel 1998:1925). Binne hierdie ruimte vra kinders vrae aan ouers en moet hulle ook deur hul ouers opgevoed word. Gewoonlik het ouers verskonings dat hulle nie werklik toegerus is om dit te doen nie. De Vries (1994:163) meen: *"God uses us most often in spite of our gifts, abilities and hard work, not because of them"*. De Vries (1994:165) verwys ook na die ouers in die Ou Testamentiese tyd: *"These early parents (and their Israelite kin) were not told to get their children to meetings or to worship (that was understood). They were commanded, instead, to talk about God and his commands throughout their daily activities"*. Louw (1989:94) sê: *"Die gesin is die plek waar Skrifkennis en verbondskennis geïntegreer word tot 'n lewenstyl wat Christus-gesentreerd is"*.

God het die gesin as 'n hermeneutiese en agogiese ruimte vir geloofsbemiddeling geskep. Daarom is gesinsgebaseerde tienerbediening nie 'n nuwe model nie. Dit is eerder 'n bewusmaking van God se model wat deur Jesus Christus se bediening op aarde verder verhelder is en wat op navolging, gemeenskap, bemagtiging en uitstuur na die gemeenskap neergekom het (vgl Mark 3:14). Jesus se bediening het met 'n geduldige liefdesonderrig gepaard gegaan en ouers moet 'n verbintenis aangaan, soos by die doop, om kinders in die verbondsgesin as agogiese ruimte met 'n geduldige liefdesonderrig op te voed wat die waardes van die koninkryk kan uitleef sodat al hoe meer gemeentelide en lede van die gemeenskap ook in hierdie verbintenis ingesluit kan word. Borgman (1997:xiv) meen: *"Jesus Christ is our model. As Christ left heavenly status and security to enter human life and a particular human culture, our Lord has sent all Christians (incarnationally) into specific cultures"* (vgl Joh 20:21).

\* **Verbondsmatig en verhoudingsmatig:** Die feit dat die gesin 'n hermeneutiese ruimte is, beteken volgens Nel (1998:21) ten minste en ten diepste: *"... dat God in sy wysheid binne verhoudings werk. Sy verbondsmatige handeling met mense onderstreep dit ook. En ouers en kinders is die mees 'natuurlike' voorkoms van*

*hierdie verhoudings*". Die doel met tienerbediening in gesins- en gemeenskapsverband, is om tieners tot verhouding met Jesus Christus deur ouers en die geloofsfamilie in die gemeenskap te lei en om tieners dissipels te maak om dieselfde te doen. *"But one cannot be a mature Christian adult in isolation from other believers"* (De Vries 1994:168). Burns (2000:38) beweer: *"The greatest programs will fail and the most interesting curriculum will never be absorbed if the primary focus in youth ministry is not building solid, encouraging, positive relationships with young people"*. Volgens De Vries (1994:169) is kinders se belangstelling in institusionele godsdienste gedurende die tienerjare op sy laagste en speel lojaliteit aan verhoudings 'n belangrike rol. Dit beteken egter nie dat die kerk as instituut nie 'n rol vir tieners te speel het nie. De Vries (1994:141) meen: *"Family-based youth ministry is not about abandoning traditional forms of youth programming as much as it is about building the foundation of solid connections with mature Christian adults"*. Tidball (1983:135-136) beweer: *"It is foolish to think that any human structures can escape from the creeping paralysis of institutionalisation. ... The history of the church is a history of repeatedly alternating patterns of institutionalisation and revitalisation. ... Our world today is consequently littered with dead structures that no one has had the courage to bury"*. Die erediens ontwikkel die beeld van 'n geloofsbyeenkoms as uitgebreide familie van God vanuit die konsep van die geloofsgesin as kleiner erediens in elke huis. In hierdie sin is dit belangrik dat jeugbediening ekklesiologies/somaties verantwoord is. Nel (1998:18) meen: *"Binne die verhouding met ander groei die jeug geestelik en leer hulle dat hulle deel is van 'n dienende gemeenskap van gelowige mense"*.

Die gemeenskap van gelowiges is die mees effektiewe uitgebreide familie vir die ontwikkeling tot ryp Christen volwassenes. Alhoewel die Christengesin die primêre plek is om geloof te vorm, moet die gesin nie vergoddelik word nie. De Vries (1994:170) gee die volgende as rede: *"Particularly now that family values are all the rage, both in the church and in the political arena ... One way to keep the value of the family in perspective is to reevaluate the commonly held hierarchy of priorities"*.

\* **Tiener-subkultuur:** Borgman (1997:xi) beweer: *"A theology of youth ministry or of popular cultures does think about God's views and activity from within the youth culture and popular culture"*. Daarom moet ouers en jeugleiers 'n konsep ontwikkel wat binne hierdie subkulture gebeur. Die kulturele konteks is dus van besondere belang (vgl Müller 1996:7 ev se eko-hermeneutiese benadering). Borgman (1997:xv) meen dat diegene wat meer van die jeugkultuur wil weet en geloof aan tieners wil bemiddel, sal 'n versigtige studie van Christus se inkarnasionele bediening moet maak (vgl Fil 2:5 ev en Joh 14). Hierdie inkarnasionele teologie beklemtoon God as Vader, die krag van die Heilige Gees en die sentraliteit van die kruis.

#### 8.4.2. Die basiese vraag oor tienerbediening

Een van die oorwegings waarom navorsing oor tienerbediening gedoen moet word, is dat tieners ongeag aanpassings wat in eredienste en by jeugaksies gemaak word, steeds belangstelling in die kerk verloor. Wat is die rede hiervoor? Dit is talle jeugwerkers se bekommernis en Robbins (1990:11) probeer ook hierdie tendens uit 'n bepaalde hoek benader: *"The bottom line in youth ministry is not how many kids you have coming to your youth group. The bottom line is, 'Where will your kids be five to ten years from now?' ... When all the peripheral issues and agendas of youth*

*ministry are stripped away, the central reason for youth ministry is helping kids to grow spiritually*". Die vraag oor minder belangstelling in kerklike aktiwiteite en die verdwyning uit die kerk word in 'n sekere sin deur McNabb en Mabry (1990:13) beantwoord: *"They have been turned off by boring, predictable, unchallenging, irrelevant, sophomoric attempts to teach them God's Word. By the time we church-raised kids graduated from high school, we had twelve years of Sunday school and six years of youth group under our belts - and had lost nearly all interest in anything to do with the Bible"*.

Elf jaar se kategetiese onderrig omgerek in skooldae van ses ure elk beloop ongeveer dertig skooldae. Dit is 'n relatief kort termyn van geestelike beïnvloeding of geloofsbemiddeling deur middel van kategetese. In baie gemeentes is kategete nie toegerus om in hierdie minimale tyd effektief geloof aan kinders te bemiddel nie. McNabb en Mabry (1990:14) gee 'n rede vir die situasie: *"One of the reasons Christian education is in such bad shape, why apathy is rampant in our Sunday school classes and youth groups, is that we have failed to incorporate tenets of educational psychology into our teaching"*. Dit is die situasie ten spyte van die geweldige hoeveelheid insig wat oor die afgelope dekades verkry is oor hoe kinders leer (vgl Oudelaar-Bijlsma 2003:41 in paragraaf 9.1.2 (7) – Kategetiese buurtmodel, diagram 65: *Die vier basiese leerstyle* en diagram 67: *Die wisselwerking tussen teorie en praktyk* in paragraaf 9.5.2 (3)).

Die jeugbediening is in die meeste gemeentes nog steeds in 'n hoë mate verstrengel in 'n tradisioneel-kognitiewe benadering. Die kerk het die nuwe wyn, maar werk dikwels nog met ou leersakke. Jeugbediening kan nie sonder genoegsame aandag aan die affektiewe dimensie van geloofsbemiddeling effektief wees nie. *"A Christian communicator cannot put forward a message nowadays if he or she does not engage the affective life of the group"* (Babin 1991:63).

Die millenniumgenerasie kan as 'n *"sight-and-sound-generation"* beskou word. Jeugbediening moet ag slaan op praktiese ervaring en bevindings rondom die hoër retensievermoë by die gebruik van die visuele en ouditiewe in kombinasie. Baddeley (1999:7) wat sê dat verbale kodering 'n uiters belangrike rol in onthou speel, beweer: *"Even when one is remembering visually presented items, or recalling actions or incidents, there is a strong tendency to supplement other aspects of memory by verbalising, turning what may be initially purely a visual task into a combined visual and verbal one"*. Tyd kan meer effektief in die kerk bestee word deur meer van die visuele en ouditiewe gebruik te maak. Die verbeeldingskrag van die jeug en jeugleiers binne die jeugbediening kan meer effektief benut word. Die skeppingsopenbaring moet meer in die jeugbediening geïntegreer word. Die beeldende kunste en musikale wêreld lewer reeds deur middel van simboliek, rituele en klank 'n besondere bydrae tot geloofsbemiddeling en –vorming deur die praktiese en persoonlike betekenis van die evangelie te verhelder. Dit gaan nie in die eerste plek oor gedurige variasie of aanbiedinge nie (vgl Taizé se jeggroep – Aerts:2000:148-151 in paragraaf 9.5.2 (3)).

### 8.4.3. Die behoeftes van tieners

Die behoeftes van tieners is 'n belangrike faktor vir 'n geloofsbemiddelings-metodologie (vgl diagram 57: *Maslow se behoeftehiërargie* - Erasmus et al 1996:30). Diagram 57 verdeel die basiese behoeftes in vyf kategorieë, naamlik fisiese behoeftes, behoefte aan veiligheid, sosiale behoeftes, behoefte aan selfrespek en selfverwesenliking.

**1. Behoefte om te behoort:** Tieners is onder andere met identiteitsvorming besig met die voorbereiding vir 'n bepaalde lewensrol. Tieners is besig om nuwe verhoudings te bou in portuurgroepe, met volwassenes en gesinslede (vgl Steyn en Breedts 1977:179-180). Die verskillende groeperings en ook tienergroeperings in die gemeenskap dui op 'n behoefte om iewers te behoort. Tieners gee soms hul geloof en waardes prys vir hierdie behoefte. Baie tieners groei op in gebroke huisgesinne en soek na meer egte en intieme verhoudings. Hierdie tieners groei op in 'n situasie waarin verhoudings nie werk nie, maar sien tog dat dit in ander gesinne werk. Omdat baie huwelike deur egskeiding beëindig word, kan verwag word dat heelwat tieners nie 'n gebalanseerde gesin vol liefde en hartlikheid ken nie en kan 'n soektog na meer intieme verhoudings soms op tienerswangerskappe uitloop. Eintlik word net na 'n vriend gesoek wat sal omgee en verstaan.

Die millenniumtieners is die geslag wat al hoe meer met die wye wêreld gekoppel word en die veelheid van kulture in die *“global village”* verken (vgl Schulze 1998:13 en Robertson 2000:53-54). Die moderne elektronika en die agteruitgang binne die tradisionele gesinne het gelyktydig begin plaasvind. Verhoudings word met persone op elektroniese skerms gebou. Hierdie persone is in 'n sekere sin soms meer aan tieners bekend as hul eie gesinslede. Tieners het dus eerder 'n gesin op die televisieskerm en in die portuurgroep as in hul eie huisgesin. Dit moet in die tiener- en gesinsbedieningsmodel besondere aandag ontvang.

**2. Behoefte aan sinvolheid:** Ongeveer alle tieners is rekenaargeletterd en omdat hulle al hoe meer tyd voor rekenars deurbring, lees sommige al hoe minder boeke of stof van opbouende aard. Prins (1997:43) beweer: *Die evangelie, asook die jeug, vereis dat die kerk nie vaag raak oor wat hy aanbied en onseker word in die wyse van sy aanbidding nie*. Preke oor geloof sonder daad of betrokkenheid maak nie veel indruk nie. Prins (2000b:97) beweer na aanleiding van navorsing wat onder 331 tieners in Suid-Afrika gedoen is dat die kerklik betrokke tiener in 'n groot mate negatief oor die atmosfeer in die eredienste voel en dat die prediking nie met die tiener se konkrete lewe verband hou nie. Dit gaan vir die tiener oor egtheid en dit wat werklik in die lewe werk en die voordeel wat dit persoonlik inhou.

**3. Behoefte aan 'n geestelike tuiste:** Prins (2000b:97) beweer daar is 'n gebrek aan koinonia in die groepe waarin die tieners beweeg. Tieners het 'n natuurlike geaardheid om abstrak te begin dink en verskillende sake in die samelewing te ondersoek en so-ook die geestelike (vgl Prins 2000:86). Tieners dwaal dikwels tussen verskillende Christelike denominasies rond in 'n soektog na 'n geestelike tuiste waar tienerbehoefte gekonsidereer word of bloot om saam met hul maats te wees. De Vries (1994:135) meen: *“These are the passionate years when teenagers ‘try on’ different beliefs, like they might try on clothes at a department store”*. Burger (1995:28) met verwysing na Turner beweer dat 'n oorgangsproses soos wat tans in

Suid-Afrika beleef word, 'n lewensgevoel van onsekerheid, ongestruktureerdheid en lossere verbande toon. Raubenheimer (1997:50) verwys na die ekosisteem van die jeug wat gekenmerk word aan isolasie, fragmentasie en verskeidenheid waarin die jeug begelei moet word "... tot die vestiging van 'n eietydse geloofsidentiteit binne die konteks van 'n veranderende gemeenskap". Hierdie geleentheid moet deur jeugbediening raakgesien word. Strommen en Hardel (2000:169) meen: "*Tension caused by divisive feelings and power struggles repel them, but an atmosphere of warmth, cohesiveness, and exuberance draws them in*".

**4. Behoeftes aan kontinuïteit:** Tieners bevind hulself tussen die kinder- en volwasse fase besig om belangrike keuses te maak vir die volwasse lewe. De Vries (1994:133) verwys na die *Journal of Research on Adolescence*: "*Equating the youth years with inevitable storminess is inaccurate. The predictable disintegration of parent-teen relationships (through conflicts) is also false. Teenagers are more likely to support parental values than to be in conflict with them*". Strommen en Hardel (2000:168-169) verwys na 'n program wat "*Life Teen*" genoem word wat daarop fokus om tieners te bereik, hulle na Christus te lei en hulle lewens deur werkwinkels van hoë gehalte te verander. Hierdie program bereik tieners op vier vlakke: emosioneel, intellektueel, geestelik en verhoudingsmatig. "*The goal of this liturgy is to create an environment for transformation*" (Strommen en Hardel 2000:169).

**5. Behoeftes aan individualisering:** Die behoefte aan individualisering kan ook negatief gesien word. Bellah en andere (1996:82-83) beskou individualisering in die meeste gevalle as 'n negatiewe proses: "*It involves breaking free from family, community, and inherited ideas*". Moderne individualisme het ontstaan uit die stryd teen monargiese en aristokratiese outoriteit (vgl Bellah en andere 1996:142). Wanneer hier gepraat word van 'n behoefte van tieners aan individualisering, word allermins die negatiewe bedoel, maar eerder om tot 'n unieke individu te ontwikkel – "*to individuate*". In hierdie sin soek tieners in die postmoderne tyd meer na 'n geskikte identifikasiefiguur as ooit voorheen, omdat die media en kontak met 'n wyer wêreld al hoe meer identifikasiefigure bied om van te kies. Die fisiese en psigiese afwesigheid van vele ouers asook die godsdienstige stiltes in huise stuur die soektog na 'n identifikasiefiguur weg van Godgegewe identifikasiefiguur in die gemeenskap. Dit is wat Bellah en andere (1996:143) beskou as: "*... individualism at the expense of the civic and biblical traditions*".

Die proses van individualisering kan dus vir ouers van tieners 'n baie ongemaklike aangeleentheid wees. Sommige tieners kom slegs by hul oortuigings uit deur 'n proses van verwerping van dit wat hulle geleer word. Jesus se bediening maak volgens De Vries (1994:138) voorsiening vir beide kontinuïteit en individualisering.: "*Jesus did much of his teaching in the context of the religious establishment and quoted often from the Scriptures of the Hebrew tradition. But Jesus didn't teach his disciples by giving them answers that they could memorize by raising questions that would engage them more deeply in the pursuit of God*". Volgens De Vries (1994:139-141) moet daar geleentheid vir individualisering geskep word: (1) Tieners moet meer verantwoordelikheid gegee word om by die aktiwiteite in die gemeente betrokke te raak, want dit is die weg na die wêreld van volwassenheid (vgl Benson 1997:110 en 140 – betrokkenheid in gemeenskapsverandering). (2) Die "wegbeweeg" van die plaaslike gemeente na 'n ander gemeente of kerkverband moet in die regte lig beskou word, want tieners kan ook kies om geen kerklike aktiwiteite by te woon nie.

(3) Geleenthede vir lidmate om voogde vir al die tieners in die kerk te wees, moet geskep word (vgl Benson 1997:157-174 – die betrokkenheid van volwassenes by tieners om hulle tot gemeenskapbouers te ontwikkel). (4) Beplan vir genoegsame blootstelling in portuurgroepe binne die kerk (vgl Spader en Liechty 2000:179-184 – portuurgroepewangelisasie). De Vries (1994:141) meen: *“There is nothing wrong with using this positive peer pressure as a doorway into church’s program”*. Hierdie faktor om tieners te bereik, is een van die belangrikste faktore in die model vir tiener- en gesinsbediening met ’n gemeenskapsgerigtheid. Binne die gemeenskap bestaan reeds talle portuurgroepe waardeur tieners tot ontmoeting met kerklike aktiwiteite gelei kan word.

**6. Enkele ander behoeftes:** Kitching (1997:9) noem nog ander behoeftes - om na geluister en gehoor te word, om gewaardeer en gerespekteer te word, om geloofsgroei te ervaar en die behoefte aan praktiese leiding in geloofsgroei.

Die voorafgaande behoeftes moenie die bepalende faktor vir ’n tiener- en gesinsbediening met ’n gemeenskapsgerigtheid wees nie. Die tiener- en gesinsbedieningsmodel begin nie by tieners se behoeftes nie, maar by hul gawes en talente wat benut word om tot bevrediging van behoeftes te lei. Hierdie stelling word op grond van die narcistiese houding van baie tieners gemaak en die uitwerking daarvan op hul ontwikkeling en volwassewording. Nel (1998:35) verwys na navorsing wat in hierdie verband gedoen is en die eenvoudigste sinoniem vir narcisme is selfbeheptheid en in ’n meer komplekse sin, psigodinamies beskou, verwys dit na grootheidswaan, minderwaardigheidsgevoelens en ’n hunkering na bewondering. Vir hierdie navorsing is dit duidelik dat daar ruimte vir tiener, ouer en ander lidmate van die gemeente en lede van die gemeenskap geskep moet word, waar dit nog nie bestaan nie, om in vennootskap en gehoorsaamheid die wet van die Here ten uitvoer te bring deur mekaar se laste te dra (Gal 6:2). Kinders moet van vroeg af geleer word wat die liefdesgebod van God in praktyk beteken en dat dit nie net op kliptafels geskryf was of in die Bybel aangeteken is as goeie riglyne vir die lewe nie. Die ontwikkeling van ’n waardesistiem vir elke kind is ’n belangrike konsep in hierdie navorsing, maar dit moet op vleestafels geskrywe word. Die paradigmaskuif in hierdie navorsing is ’n drastiese skuif wat deur vele verwerp kan word, maar met die oog op globalisasie, kan tieners nie in ’n wêreld ingestuur word sonder die normatiewe apparatuur en volwassenheid nie. Gemeenskapsgerigtheid en wat daarmee alles gepaard gaan, soos in hoofstuk nege bespreek, moet ’n integrale deel van elke gesin se lewensgang word. Natuurlik is dit ’n langsame proses om gesinne daartoe te begelei, maar met die vooruitsigte wat bereik kan word ter wille van almal in die *“global village”* mag daar nie vir ’n oomblik hieroor getwyfel word nie, solank God sentraal in hierdie hele plan staan, wat sy eie plan is – so word geglo.

#### 8.4.4. 'n Filosofie vir tiener- en gesinsbediening

Teen die agtergrond van wat tiener- en gesinsbediening behels, wat ’n gesin en die familie van God is en die doel daarmee, asook die geestelike behoeftes van tieners, kan ’n filosofie vir tiener- en gesinsbediening ontwikkel word. Brink, Brink en Du Toit (2001:230-231) beweer dat ’n filosofie in kinderbediening oor die volgende behoort te gaan: (1) Hoe die werklikheid waarbinne kinderbediening plaasvind, verstaan en beskryf word; (2) hoe daardie werklikheid saamgestel is en watter kennis reeds daarvoor beskikbaar is en waar om dit te bekom; (3) wat vir kinderbediening belangrik

is; (4) waaroor dit werklik in die lewe gaan en (5) op watter resultate daar gehoop word. Volgens Brink en andere (2001:231) is die eintlike vraag om te vra: “*Wat is die dieper waardes wat vir jou belangrik is en wat jy graag deur jou bediening by kinders wil inbou ...?*” (vgl Benson 1997:251-252 – “*Search institute’s thirty original developmental assets*”)

Volgens Brink en andere (2001:231-233) is die volgende beginsels belangrik om 'n eie filosofie vir kinderbediening te ontwikkel. Hierdie beginsels word in terme van tieners vir hierdie navorsing geformuleer: (1) Identifiseer met tieners. Soos Jesus Christus na hierdie wêreld gekom het om volledig met die mens te identifiseer, moet jeugleiers in tieners se skoene probeer staan om hulle te verstaan en na geestelike volwassenheid te lei. (2) Tieners vra onvoorwaardelike liefde. Onvoorwaardelike liefde is 'n spesiale gawe van God. Wie dit het, kan die tiener bewus maak van wie Jesus Christus is. (3) Tieners verlang dienskneggestaltes. Jesus het deur sy lewe vir ons 'n voorbeeld van diens gegee. Enige ouer wat effektief met kinders wil werk, sal hierdie gestalte van dienskneg moet verstaan en aanneem. (4) Hou rekening met die ontwikkelingsfase van tieners. Kinders word nie van klein tot groot op dieselfde wyse gehanteer nie en so word geloof aan tieners ook op 'n spesiale wyse bemiddel (vgl Preto 1999:274-285). (5) Wees tienergerig wat neerkom op 'n ingesteldheid op hul behoeftes, probleme, belangstellings, vrae en uitdagings. Dit vra verhoudingsbou en baie tyd saam met tieners. (6) Fokus op tieners se geestelike lewe. Die eintlike doel met hierdie navorsing is om geloof aan tieners te bemiddel onder andere deur middel van rituele en simbole. Dit sluit byvoorbeeld pret met 'n opvoedkundige aksent (“*edutainment*” – vgl Hebbard 1995:186), sosialisering, avontuur, dramatisering, musiek, projekte, sang en aanbidding in (vgl Janse van Rensburg & Prins 1997:297-299). Hierdie handeling of verhoudingsaktiwiteit werk mee om tieners aan Christus te bind en hul verhouding met Hom te koester. (7) Fokus op leierskap. Binne die konteks van die gesin, moet daar 'n duidelik verstandhouding bestaan dat ouers leiers is om hul kinders te lei om ook leiers te word. (8) Fokus op die kerk. Om tieners binne die gesin te bedien, moet as die belangrikste deel van bediening in kerk gesien word. (9) Fokus op lof aan God. Ouers se bediening aan tieners moet gedryf word vanuit 'n innerlike passie om alles met lof en eer aan God te doen. (10) Fokus op 'n gebalanseerde program. Om deurgaans die tiener gebalanseerd te begelei in geloofsvorming en -groei, moet daar elemente van onderrig, lofprysing en aanbidding, geloofsgemeenskap en diens in die gemeente en gemeenskap bestaan. (11) Wees kurrikulum-georiënteerd. Dit mag skools klink om van 'n kurrikulum te praat, maar ouers moet weet waarheen hulle met hul tieners op weg is. Dit beteken dat hulle deurgaans bewus moet bly van die totale opvoedingsplan vir hul tiener. (12) Wees dinamies. Die beginsel van dinamika wat tieners betref, is 'n beginsel wat baie aandag sal verg, want dit moet tienergerig wees met genoeg pret, aktiwiteit, betrokkenheid, avontuur, ervaring en opwinding met die spesifieke doel om geloof meer effektief te bemiddel (vgl Burger 1991 – *Die dinamika van 'n Christelike geloofsgemeenskap*). (13) Evalueer voortdurend. In hoofstuk nege word die noodsaaklikheid van evaluering bespreek. (14) Wees uitkomstgerig. Al die riglyne wat genoem is, impliseer dat daar voortdurend in die ontwikkeling en evaluering van 'n model vir tiener- en gesinsbediening 'n duidelike doelwit sal wees wat nagevolg word. Dit beteken om geloof op die mees doeltreffende wyse aan tieners binne die konteks van die gesin en gemeenskap deur ouers, ander geestelike leiers en gemeenskapsleiers te bemiddel.

Die doel met hierdie filosofie, is nie om die idee van perfeksie te skep of om tieners te maak wat hulle nie wil wees nie, maar om binne die voorafgaande raamwerk op 'n unieke wyse met elke tiener en in elke gesin besig te wees en om daarvan bewus te word wat elke verlore reeds in Jesus Christus is. Dayringer (2000:92) rig 'n waarskuwing teen ooridentifisering met Christus: *“Many young people try hard to identify with their idea of Christ. But one individual’s idea of Christ is not necessarily who Christ was. ... I think that Jesus wanted us to be like him but in our own way”*.

Volgens Barton (2001:10-16) is die volgende insigte vir die pad vorentoe vir gesinsbediening van belang: (1) Daar moet helderheid bestaan oor wat in die intieme verhoudings van gesinne aangaan en hoekom dit die situasie is. (2) In watter mate bied die sogenaamde postmoderne, post-liberale en selfs post-Christelike wêreld 'n geleentheid om die Christelike lewenstyl te herwin? (3) Daar moet veral na 'buitestaanders' soos alleenlopers, die armes, die mishandelde kinders en oumense geluister word. (4) Ernstige aandag moet aan die spiritualiteit van die gesin as huiskerk gegee word.

Om tieners tot verstaan te lei, moet daar ook 'n onderlinge verstaan tussen tiener en volwassene wees. Dit beteken om tot die verstaan te kom van die globale kultuur, in die mate wat dit wel gedoen kan word, maar ook die verstaan van die tiener- en volwassensubkulture. Praktiese teologie is 'n kontekstueel- of gemeenskapsgeoriënteerde teologie en vind binne genoemde kulture plaas. Die lewensverloop van die tiener moet in die oog bly om gedurig bewus te bly van 'n unieke transformasietydperk, biologies, verstandelik, psigologies en geestelik. Nie een van hierdie dimensies van transformasie mag bo die ander verhef word soos om van 'n storm- en drangtydperk te praat nie. Die fokus op die tiener moet holisties wees – materieel en geestelik. Tiener- en gesinsbediening moenie probleemgesentreerd wees nie, maar gerig wees op 'n hoopvolle toekoms wat in die heilsplan van ons soewereine God reeds daar is.

#### **8.4.5 Kulturele veranderinge vra 'n nuwe tienerbedieningsmodel**

Strommen en Hardel (2000:261) beweer: *“The conviction of biblical writers regarding the negative impact of the world’s culture on the life of a believer is clearly stated”*. Die Bybel verbind die wêreldse invloed aan die invloed van Satan en die koninkryk van die duisternis (vgl Jak 4:4). (Vgl paragraaf 9.7.3 – Fokus op die transformasie van die kultuur - vyf maniere hoe Christene kultuur beskou)

Drane (2000:vii) beweer: *“Western culture is undergoing a massive paradigm shift, in the course of which our entire style of being will be radically transformed”*. Een van die redes waarom daar nie sprake van 'n langtermyn jeugbedieningsmodel kan wees nie, is die voortdurende kulturele verandering wat plaasvind en tans wêreldwyd in so 'n mate plaasvind dat dit tot verwarring met betrekking tot kulturele waardes en norme lei. In die verskillende gemeentes en kerke is daar ook verskillende kulture teenwoordig. Die verskillende generasie en media bring ook kulturele verskille tot binne dieselfde huisgesin. Die begrip kultuur word sekerlik ook meer los en vas as voorheen gebruik en vra daarom 'n nuwe definiëring (vgl Dekker 2000:54-56 se bespreking van toenemende pluralisering in die kerk by paragraaf 4.1 - Modernisering, rasionalisering en sekularisering).



Boran (1996:9) meen: *“There has been a cultural change in recent years that has caught many youth leaders by surprise. The way of thinking of a young person today is different from that of a young person of the sixties, seventies or eighties”*. Die veranderinge in Suid-Afrika sedert 1994 raak die teologie en jeugbediening direk. Daarom moet die teorievorming vir 'n tiener- en gesinsbediening binne hierdie veranderende konteks dringend aandag kry. Daar kan nie werklik oor 'n tiener- of gesinsbedieningsmodel geïdealiseer word wat ook oor 'n dekade steeds effektief sal wees nie. *“We need to have courage to deal with a central question: ‘Do we try to adapt young people to our programs or do we adapt our programs to young people?’”* (Boran 1996:14).

De Vries (1994:154-158) verwys na twee probleme binne die jeugbediening: (1) onbetrokkenheid van ouers en (2) uiterlike sukses (vgl diagram 58: *Die kragte van 'n jeugkultuur*). *“The diagram is most easily understood as a canal through which a child’s faith ‘flows’ toward maturity”* (De Vries 1994:157). Om tieners in so 'n situasie na geestelike volwassenheid te lei, beteken om teen die stroom op te beweeg. Daarvoor het tieners 'n uitgebreide familie en gemeente nodig om keerwalle te vorm teen dié filosofiese stroom van uiterlike sukses. *“The only way to combat the encumbering influences of modern youth culture is to connect teens to adults who are moving against the culture. These relationships can give young people courage as they go against the flow”* (De Vries 1994:158). Heb 12:1 verwys na 'n skare geloofsgetuies wat help om laste af te gooi. Tieners verlang in hul ingrypende veranderingsjare 'n geloofskare, 'n uitgebreide geloofsfamilie, wat soos keerwalle funksioneer teen die bedreigende kultuur wat geloofsvorming kan benadeel. Daarmee word nie bedoel totale isolering van hierdie kultuur nie, want dit is prakties onmoontlik, maar begeleiding van tieners om met die Christelike geloof, kultuur en waardes skanse te vorm teen indringer anti-Christelike waardes.

Die huidige samelewing en kultuur het die uitsig op God uit die oog verloor (Nel 1998:13). Jeugbediening vra dus 'n kultureel-psigologiese verantwoording. Soos ook reeds genoem, moet die kulture waarin praktiese teologie beoefen word, ondersoek en verstaan word (Nel 1998:29). Dit moet ook soms verander word om meer effektief die anti-Christelike kulture teen te staan. Heitink (1999:73) meen: *“Het zou jammer zijn als een liberale samenleving waarin het marktdenken alles overheerst, weerspiegeld wordt in een liberale vrijblijvende kerk. Een kerklijke gemeenschap zal toch ook iets moeten hebben van een kritische tegencultuur”*. Bellah en andere (1996:286) beweer: *“The transformation of our culture and our society would have to happen at a number of levels”*. Hierdie teenkultuur moet nie net in die gedagtes van individue bestaan nie, maar moet in die gemeenskap deur gelowiges uitgeleef word. As die verandering van die kultuur in 'n bepaalde land of gemeenskap slegs deur 'n multikulturele en multi-religieuse staat bedryf word, kan dit tot 'n globale kultuur lei waarin die Christendom al hoe vreemder en meer bedreig sal voel. Bellah en ander (1996:286) meen: *“Personal transformation among large numbers is essential, and it must not only be a transformation of consciousness but must also involve individual action”*. Hierdie individuele verandering sal in groepe moet plaasvind wat die nodige ondersteuning kan bied om sulke kulturele veranderinge toe te eien.

Benson (1997:86-99) beskou dit as 'n noodwendigheid dat daar twaalf kritiese kulturele skuiwe in die kerk moet plaasvind om tot aksie te kan kom. Dit is nodig omdat daar te min mense is wat werklik betrokke is by die ontwikkeling van

waardesisteme by kinders. Van hierdie kulturele skuiwe vind op 'n individuele vlak plaas en ander vind weer in groepsverband plaas soos by skole, jeugorganisasies en in gemeentes. Die antwoord vir die ontwikkeling van waardesisteme lê in 'n gedeelde visie en vennootskap, byvoorbeeld kerk, staat en markplein.

Die bestaande globale kultuur is besig om die volwasse en jeugsubkulture vinnig te verander en binne 'n toenemende multikulturele situasie oud en jonk tot verwarring te lei. Materialisme onder die aanvoering van die wêreld ekonomie en tegnologie dryf ouers om alles vir hul kinders te probeer doen – dienaars vir kinders te wees sonder om kinders noodwendig te begelei om self dienaars te word. Daar kan dus met reg gepraat word van 'n drievoudige kulturele drukte wat tot onderlinge spanning lei: (1) die globale kultuur, (2) die volwasse kultuur en (3) die tienersubkultuur. Die algemene kultuur van die kerk het in hierdie vinnige ontwikkeling van verskillende kulture en groter magkulture begin skipbreuk lei. Dit noop die kerk dus om verskillende kulture te probeer verstaan en met die Christelike kultuur teen die anti-Christelike kulture stelling in te neem. Malina (1993b:13) beweer: *“The world of human beings is a culturally interpreted social world. In this perspective we are somewhat like and somewhat unlike the rest of humankind”*. Die tiener moet gehelp word om die Christelike kultuur te verstaan en hoe ander kulture daarvan verskil. Hierdie verstaan van kulture kan nie bloot op verbale vlak plaasvind nie. *“Cultures symbol people, things, and events in such a way that all persons in the group share the patterns of meaningfulness that derive from this symboling process”* (Malina 1993b:26). Die Christelike kultuur kan nie maar net gepredik word nie, maar lidmate moet gehelp word om dit binne die multikulturele gemeenskap uit te leef. Dit is deel van die brugbouproses na die gemeenskap en in die gemeenskap om die gemeenskap met die Christelike kultuur te simboliseer.

#### 8.4.6 'n Christelike tiener-subkultuur

Op die vraag: Waarom groei die Christendom in ander dele van die wêreld so vinnig en waarom maak dit nie 'n groot verskil in die Westerse kultuur nie?, antwoord Drane (2000:5-6) soos volg: *“The answer to that question is bound up with the church’s role in the development of modern Western culture, and before we can say anything useful about the contribution that Christian faith might now make ... we need first to review ... what has been going on in Western thinking over the past few centuries”*. Drane (2000:6-7) verwys na die tyd dat Nicolaas Copernicus, Galileo Galilei, René Descartes en Isaac Newton se antwoorde op vrae en Yuri Gagarin se bevestiging dat hy geen God gesien het nie mense kon laat dink het dat hulle nie meer God nodig het om antwoorde te verskaf nie. Volgens Drane word die teendeel waar: *“The old certainties of the Enlightenment are no longer secure, and there is a widespread feeling that science and technology have ultimately failed to deliver the goods. The values of modernity are being questioned at every level, both pragmatic and ideological”*.

In hierdie lig moet die kulturele kontoere wat in die afgelope dekades drasties verander het, raakgesien word. Die idee dat wetenskap en tegnologie aan die mens die mag gee om sy toekoms te bepaal, het begin skipbreuk lei. *“There is an insistence in many circles that nothing less than another radical paradigm shift will suffice, this time abandoning the mechanistic models of the past to adopt a more holistic view of things”* (Drane 2000:8) Dit bring ons voor die uitdaging van spirituele

in plaas van intellektuele oplossings vir die krisis in die kultuur en geloofs-bemiddeling. Drane (2000:9) meen: *“It is precisely as a result of our over-dependence on analytical thinking for so long that Western culture now has no idea where to look for spiritual or emotional direction. ... It is debatable whether Christian values shaped the Enlightenment, or whether the church allowed itself to be taken over by essentially secular values ...”*. Kim (2000:72) beweer dat die krisis waarin die moderne gemeenskap nou verkeer, naamlik onsekerheid, met idees, aannames en institute te doen het waarop die moderne samelewing gebou is, maar wat nie meer voldoende is om die probleme van die mensdom te hanteer nie. Kim beskou dit as 'n krisis van waardes waarop 'n internasionale reaksie tans plaasvind.

As die Christendom deel van die probleem was, kan dit ook werklik as deel van die oplossing beskou word? Dit is moontlik die rede waarom daar in die postmoderne tyd 'n soeke na ervaring in die Oosterse godsdienste is. Janssen (2003:3) beweer: *“De jeugd staat in een open conflict met de gevestigde maatschappij en met de gezagdragers van het verleden. Zij experimenteert met oosterse religies en meditatietechnieken”*. Binne hierdie verskuiwende kontoere van die kultuur, moet 'n weg gevind word om die geloofsinhoud van die Christendom so te bemiddel dat dit geloofwaardigheid sal verdien. Dit is 'n harde weg en die enigste weg is om binne die multi-kulturele gemeenskap die Christelike geloofsbelydenis al hoe duideliker uit te leef deur saam met bestaande institute en bronne gemeenskapsprojekte aan te pak. Die kerk moet weer gevoel, geproe, gesien, gehoor en aangeraak kan word binne die noodsituasie van die mensdom. Drane (2000:118) vra of daar wel in die huidige vorm van die kerk iets is om te voel, te proe, te sien, te hoor en aan te raak? Om 'n model vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid te ontwikkel, beteken om mense hoër as modelle of programme te ag en God bo alles te stel. Dit is God wat deur mense die kerk sigbaar, hoorbaar en aanvoelbaar kan maak.

Davies (1991:8-9) sê: *“‘Culture’ refers to a blueprint of behavior for an entire society; ‘subculture’ refers to a blueprint for behavior for a smaller group”*. Davies (1991:9) meen dat kompensasie die algemene funksie van die jeugsubkultuur is. *“For youth to grow in faith maturity and a commitment to living a life that reflects the Gospel, a Christian youth subculture is very important”* (Strommen en Hardel 2000:187). Dit is duidelik dat die wêreldkultuur nie die Christelike geloof ondersteun nie en daarom het tieners 'n Christelike subkultuur nodig om hul vroeë oer geloof te vra en om in verhouding met ander tieners en volwassenes wat werklik vir hulle omgee tot bekwame leiers te ontwikkel. Om van 'n jeugsubkultuur te praat, beteken ook om van 'n algemene kultuur binne die gemeenskap en die kerk te praat. Daarom is die onderlinge verbondenheid van tieners en volwassenes in gesinne, gemeentes en gemeenskappe van belang om op dieselfde teologiese weg vorentoe te beweeg. Die huidige kultuur in die kerk en gemeenskap en die gepaardgaande tienersubkultuur moet as vennote optree in die koninkryk van God.

Die volgende tydsindeling volgens Strommen en Hardel (2000:190-197) dui aan dat jeugbediening deur verskillende fases oor 'n lang tydperk beweeg het en in die postmoderne tyd 'n nuwe fase betree: (1) Die era van verenigings en bonde (1888 - 1930), (2) die era van Sondagaandbyeenkomste (1936 - 1950), (3) die era van jeugbediening (1960 - 1980) en tans het ons (4) die nuwe era van jeugondersteuningsbediening. Sedert 1980 en 1990 is daar 'n geleidelike afname in jeugdeelname in die kerklike lewe. Jongmense verlaat die kerk vir 'n lewe met

riskante gedrag. 'n Poging is nodig om 'n jeugondersteunende bediening te laat herlewe (vgl Strommen en Hardel 2000:197). Binne die huidige kultuur van die samelewing moet 'n nuwe jeugsubkultuur geskep word. Strommen en Hardel (2000:199) noem ag komponente van 'n Christelike jeugsubkultuur wat in ag geneem moet word: (1) Bespreking van jeugsake, (2) deel van geloofservarings, (3) pret en vriendskapsaktiwiteite, (4) diens en portuurbediening, (5) betrokkenheid in musiek, (6) informele vriendskapsgroepe, (7) jeugberading deur volwassenes en (8) gemeentelike leierskap. Binne hierdie raamwerk kan 'n nuwe jeugsubkultuur geskep word wat die jeug bemagtig en die geleentheid bied om as priesters en profete effektief binne die koninkryk van God te funksioneer. Dit moet in die model vir tiener- en gesinsbediening met 'n gemeenskapsgerigtheid verreken word wat in die volgende hoofstuk bespreek word.

Om met tieners te werk moet hulle kulturele konteks ook teologies verken word. Borgman (1997:64) meen: *“A theology of culture is the way we approach, think about, and interact with culture in view of God and God’s mighty works in the world”*. Die wyse hoe geloof bemiddel word en watter geloofsinhoude in die bemiddeling ter sprake kom, sal bepaal word deur die kulturele situasie van die tiener. Om teologies na te dink oor tienerkultuur sluit die gesin in waar sekere kulturele waardes aangeleer word. Die praktiese teologie wat uit hierdie verkenning ontwikkel, moet Bybels gefundeerd wees, maar ook die kennis van ander dissiplines, soos sosiologie, antropologie, natuurwetenskaplikes en ekologiese wetenskappe, op hierdie terrein verreken (vgl Tracy 2000:241-243). *“Culture is our human environment. Family, education, marketing and economics, entertainment, ... politics, and religion are its institutions”*. Dit is basies onmoontlik om 'n gemeenskapsgerigte tiener- en gesinsbediening deur middel van simbole en rituele te oorweeg as daar nie 'n vennootskap met hierdie institute ontwikkel word nie. Ouers moet dus gehelp word om in te sien dat al hierdie dissiplines en institute deel is van hul kinders se opvoedingsmilieu.

Die probleem egter is kulturele konflik wat botsende waardes inhou, die aanvaarding van nuwe waardesisteme en kulturele akkomodasie (vgl Borgman 1997:68). Dit dring ouers en jeugleiers om 'n duidelike plan van aksie te oordink hoe om Christelike waardes aan tieners te bemiddel (vgl Benson 1997:86-99 – *“A call to action”*). Dit moet beklemtoon word dat die benadering wat in hoofstuk nege voorgestel word geen maklike uitvoerbare taak is nie. *“All people of faith experience some tension between cultural and spiritual needs and loyalties”* (Borgman 1997:69). Om gemeenskapsgerig te raak, beteken om die veld van religieuse en kulturele verskille te betree wat soms ook in 'n slagveld kan ontaard waarvan die Midde-Ooste 'n tipiese voorbeeld is. Met die wapenrusting wat God vir ons gee, moet hierdie slagveld betree word. *“A theology of culture helps us realize that, in creating the world, entering the world, and redeeming the world, God is concerned with groups as well as individuals”* (Borgman 1997:70). Jeugkulture en subkulture is besig om wêreldwyd te ontwikkel – *“Through music and advertising, satellites and television, an increasingly global youth culture is emerging”* (Borgman 1997:72). Die uitdaging vir die kerk is om by hierdie subkulture aansluiting te vind om tieners te bereik. Browning en andere (1997:2) beweer: *“It is theologically, politically, and strategically important for both church and society to make the creation of a new family ethic central to their agendas”*. Die titel van Browning en andere (1997) se boek: *“From culture wars to common ground”* sê reeds dat daar twee duidelike pole of uiterstes is wat ter sprake kom wanneer die

kerk na die omringende gemeenskap uitreik, 'n kulturele konfliktsituasie en die verkondiging van vrede in hierdie situasie deur kulturele raakpunte te benut.

Die gemeente as familie van God het die taak om 'n multikulturele wêreld deur middel van opvoeding en 'n Bybelse waardesisteem te betree. Dit plaas gesinsbediening in die brandpunt van die kerklike taak, maar ook sentraal in 'n globaliserende en multikulturele wêreld. Dit vereis dat elke gesinslid gehelp sal word om sy of haar plek in te neem, plaaslik en internasionaal. Omdat hierdie navorsing op die tiener se posisie en taak in die gesin en gemeenskap fokus, moet hul geloofsvorming in die gesin en gemeente 'n inklusiewe aard hê. Die klem word dus op tieners se gawes en talente gelê en die benutting daarvan om boustene in die koninkryk van God te wees wat teenoor die koninkryk van hierdie wêreld met God se wapenrusting stelling inneem met 'n duidelike boodskap van vrede. In die volgende hoofstuk word aandag geskenk aan die praktiese uitvoering daarvan deur 'n werksmodel voor te stel.